Ousus

Henry Allan Fagan

bron
Henry Allan Fagan, *Ousus*. Tafelberg, Kaapstad 1972

Zie voor verantwoording: http://www.dbnl.org/tekst/faga001ousu01_01/colofon.php

© 2015 dbnl / erven Henry Allan Fagan

Die eerste opvoering van O u s u s het plaasgevind in die Koffiehuis, Kaapstad, op 25 Oktober 1935. Dit het geskied onder die beskerming van die Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging en onder die regie van Queeny Fagan (mev. H.A. Fagan). Die rolverdeling was as volg: *Oupa* [Alex Conradie], *Mev. Venter* [Sappie Botha], *Nelie* [Dollie Pienaar], *Mina* [Renée du Plessis], *Hendrik Jooste* [A.M. Burger], *Fanie* [J. van Dyk].

Persone

OUPA MEV. VENTER NELIE MINA HENDRIK JOOSTE FANIE

Die handeling vind plaas in die dorp Worcester.

Eerste Bedryf: 1878 Tweede Bedryf: 1908 Derde Bedryf: 1933

Eerste bedryf
1878

Die eet- en werkkamer in MEV. VENTER se huis. Links, die voordeur, en in die regtermuur twee deure, waarvan die agterste in 'n gang en die voorste [wat ons sal noem die middeldeur] na die kombuis lei.

In die kamer: Regs, die eettafel, met vyf stoele daarby. Links, die werktafeltjie, met naaigoed daarop. By die opgaan van die skerm is daar geen stoele by die werktafel nie, want die twee stoele wat gewoonlik daar staan was vir die aandete nodig by die groot tafel. Voor, effens links, staan 'n leuningstoel, en verder links, teen die muur, 'n buffetkas.

Op die tafel staan drie kandelare, met brandende kerse. Op die buffet is 'n outydse glasstulp met nagemaakte blomme en 'n kandelaar met kers en vuurhoutjies.

Die aandete is verby, en die huisgodsdiens is net klaar. Die tafel is reeds afgedek. MEV. VENTER is aan die hoof van die tafel-aan die regtereinde daarvan. Sy lig haarself effens van haar stoel om 'n tapisseriekleedjie oor die tafel te skik en die kandelare daarop reg te sit. Voor haar op die tafel lê die familiebybel. Aan haar linkerkant sit OUPA. Naas hom staan die stoel waarop NELIE gesit het. Aan die ander kant van die tafel - die kant wat naaste aan die gehoor is - staan MINA se stoel skeef van die tafel af weg, en die vyfde stoel lê omgegooi op die vloer.

Die kamer, die meubels en die kleding van die persone is soos dié van 'n eerbare familie wat nie gebrek ly nie, maar wat dit tog nie ruim het nie. MEV. VENTER is 'n dame van so iets in die veertig. Sy dra 'n donkerbruin polonaise-rok met swart breiding, en het 'n swart voorskootjie voor. Sy gebruik by die lees en die naaiwerk 'n goue bril. OUPA is 'n baie ou man - diep in die tagtig - met 'n onversorgde baard en enigsins slordige klere, want hy word al kinds en kan homself nie meer netjies hou nie. Sy kierie staan teen sy stoel aan.

NELIE is op die oog omtrent twintig, maar dit word gesê dat sy ouer lyk as haar jare, dus moet sy in werklikheid maar so sewentien-agtien wees. MINA is 'n opgeskote dogter 'n paar jaar jonger as NELIE.

NELIE en MINA het elkeen 'n ent van die tafellaken, wat hul saam besig is om op te vou. MINA se aandag is egter nie by die laken nie. Haar oë bly op die half-oop voordeur, waar die jongste broer, WILLIE, so-ewe uitgehardloop het. Dis sy stoel wat omlê.

MINA:
Wag vir my, Willie. Ek kom ook.

NELIE:
Mina!

[Sy trek aan die laken, en dit glip uit MINA se hande. MINA lag, maar buk en tel die laken weer op.]

Jy bly hier, en help my eers klaar.

[MINA, nog laggend, gooi die laken op NELIE en wip by die voordeur uit.]

NELIE

[roep net soos MINA uitgaan]:

Mina!!

MEV. VENTER:
Kinders, kinders! Die Bybel is nog op die tafel.

[Sy sak in haar stoel terug.]

MINA

[wie se gegiggel nog buite gehoor word, steek 'n ondeunde gesiggie by die voordeur in en wuif met die hand]:

Tot siens, Ousus!

[Sy klap die deur toe en verdwyn.]

NELIE

[vou die laken oor die linkerarm, maak die voordeur oop en praat na buite]:

Mina, kom hiersô! Mina!!

[Geen antwoord nie. Sy maak die deur toe, kom weer binne, en sit die laken in die buffetlaai weg.]

Ma moet darem praat met Mina - en met Willie ook. Hulle is al groot genoeg om te help; maar as Ma ‘Amen’ sê, laat hulle spaander, en ek moet alles doen - selfs hulle stoele regsit.

[Sy is net besig om WILLIE se stoel op te tel en teen die naaitafel aan te skuiwe; dan doen sy dieselfde met MINA s'n.]

Toe ek hulle ouderdom was, toe het ek al...

MEV. VENTER

[liefderyk]:

Ja, Ousus was maar altyd haar mammie se staatmakertjie. Jy was somaar van kleins af 'n grootmensie, Nelie - somaar ernstig en verstandig. As die ander kinders buitekant speel...

[Onder die praat neem NELIE die Bybel en sit dit op die buffet neer.]

NELIE:
Ma praat daarvan asof ek nooit lus gehad het om te gaan saamspeel nie. Dink Ma dan...?

MEV. VENTER:
As jy daarvoor lus gehad het, my kind, soveel te meer eer vir jou dat jy dit laat staan het om jou weduwee-moeder tot hulp en troos te wees. Hoe sê Salomo in sy Spreuke? 'Veracht uwe moeder niet, als zij oud geworden is.'

NELIE:
En die ander kinders, Ma? Sê Salomo dit nie vir hulle ook nie?

MEV. VENTER:
Nelie, Nelie! Is dit jy wat so oneerbiedig praat?

NELIE:
Maar Ma laat vir hulle darem skoon uit die hand uit raak.

MEV. VENTER:
Ja, wat kan ek doen - ek wat alleen staan - sonder 'n vader se bystand en 'n vader se tug. Ek moet maar hoop dat 'n jaar in die seminarie vir Mina sal leer om...

NELIE

[praat hard, naby OUPA se oor]:

Oupa kan maar opstaan. Ons is klaar.

OUPA

[hand by die oor]:

Hm?

MEV. VENTER

[praat ook hard, en beduie met die hande]:

Opstaan, Pa. Ons het klaar gelees.

OUPA:
En my kos?

MEV. VENTER:
Pa het dan nou net geëet.

OUPA:
Geëet? O. Gaan jul dan nie lees nie?

NELIE:
Ons het gelees ook, Oupa.

OUPA:
Gelees ook? O. Waar is my kierie?

[Hy voel rond daarvoor.]

NELIE

[sit die kierie in sy hand]:

Hier is dit, Oupa.

OUPA:
O. Dankie

[NELIE help hom om op te staan. Hy sukkel, met behulp van die kierie, oor die kamer, en gaan in die leuningstoel sit. NELIE stoot die stoel waarop hy gesit het teen die tafel, en gaan voort om alles in orde te maak. OUPA frommel in sy sakke, waaruit hy 'n pyp en 'n tabaksak te voorskyn bring. Hy stop die pyp en steek dit in die mond, en sit maar so totdat NELIE dit vir hom opsteek, nie deur 'n vuurhoutjie te trek nie, - daarvoor was die oumense te spaarsaam - maar deur die agterkant van die vuurhoutjie by een van die kandelare aan te steek en dit aan die pyp te bring. MEV. VENTER het gesit en aankyk, met die arms op die tafel, maar onder die praat van die volgende sin staan sy op en stap sy na die tafeltjie waarop die naaigoed lê, toegebind in 'n bont doek. Sy neem een van die brandende kerse met haar mee en sit dit op die klein tafeltjie.]

MEV. VENTER:
Ai, hoe sit ek dan soos 'n ryk ou vrou wat van haar rente lewe - en daar lê my naaigoed opgehoop. En Sannie Albertyn se rok moet môre klaar wees as hulle inkom dorp toe, anders verloor ek nog straks my beste klandisie. Het jy al die opnaaisels ingesit, Nelie?

NELIE:
Nog nie, Ma. Ek kon nie die draai kry nie. Ek sal dit vanaand doen.

MEV. VENTER:
Ja, my kind, jy moet maar daarmee deurdruk, want ek wil nie vir Sannie teleurstel nie; en jy weet, ek moet netnou nog biduur toe, so sal ek vanaand maar min tyd vir die rok oorhê.

[MEV. VENTER gaan aan met die naaiwerk.]

NELIE:

Dan kan Mina darem gerus kom skottelgoed opwas, Ma.

[Sy stap voordeur toe.]

Ek gaan haar nou roep.

[In die deur]:

Toe, praat dan nou, Ma. Kan ek sê Ma sê sy moet skottelgoed was?

MEV. VENTER:

Ja, sê maar, as jy dit graag wil hê - en as jy dink my woord sal help.

[NELIE uit by die voordeur. Buitekant hoor ons haar roep: 'Mina! Mina!']

OUPA

[met die oop snuifdoos in die een hand en 'n knypie in die ander]:

Wat is dit nou weer?

MEV. VENTER

[stadig en duidelik]:

Sy roep vir Mina - om vir haar te help skottelgoed was. Mina is ook nou so 'n handvol -

[OUPA snuiwe en nies]

- ek sal verplig wees om haar seminarie toe te stuur dat sy 'n bietjie onder toesig kan staan.

OUPA:
Stuur? Waarheen?

MEV. VENTER:
Na die seminarie.

OUPA:
Waar is dié?

MEV. VENTER:
Op Wellington. Pa weet mos, waar die Joostes woon.

OUPA:
O.

[OUPA nies weer. NELIE, gevolg deur MINA, kom by die voordeur in.]

NELIE:
Toe, toe, kom dan nou. Ma sê jy moet gaan skottelgoed was.

MINA:
Ek alleen? Dit doen ons mos twee-twee. Dis baie makliker. Jy spoel en ek droë af.

NELIE:
En al die dae wat ek dit alleen doen?

MINA:
Ag, kom, Ousus. Ons is in 'n jitsie klaar, en dis lekker gesellig.

[MINA stoot, speel-speel, vir NELIE deur die middeldeur, en NELIE laat haar dit maar geval.]

MEV. VENTER:
Dié Mina! Weet ook altyd om haar sin te kry. Sy het ons almal in die sak.

OUPA

[hand by die oor]:

Hoe sê?

MEV. VENTER

[baie hard]:

Ek sê, sy het ons almal...

[geklop aan die voordeur].

Kom maar binne.

[HENDRIK JOOSTE, 'n nette seun van omtrent twintig, kom in.]

HENDRIK:
Naand, Tante; naand, Oom.

[Hy gee vir beide hand.]

MEV. VENTER:
Naand, Hendrik.

OUPA

[hou HENDRIK se hand lank vas, en kyk vragend na MEV. VENTER]:

En wie is dit dié?

MEV. VENTER

[hard]:

Pa ken hom dan so goed: Hendrik Jooste.

OUPA:
O. Hendrik Jooste. Van Bovlei?

HENDRIK

[hard]:

Ja, Oom, dis waar ons vandaan kom; maar ons woon nou op die dorp - op Wellington.

OUPA:
Hendrik Jooste, van Bovlei. Ek weet. Ek was nog by toe jy die plaas gekoop het - onthou jy?

HENDRIK

[hard]:

Dit was my oupa. Hy was ook Hendrik Jooste. Ek heet na hom.

MEV. VENTER

[hard]:

Dis klein Hendrik, Pa. Kyk, dit kan mos nie ou Hendrik wees nie. Dié is al jare dood. Onthou Pa dit dan nie?

OUPA

[los langsaam HENDRIK se hand]:

O ja, ek onthou. Maar sien, die lig is so swak. Jy kan nie 'n man daarby beken nie.

MEV. VENTER:
Laat die oubaas maar staan, Hendrik. Hy dwaal so 'n bietjie. Sê my nou eers, hoe kom jy so skielik hier op Worcester aangewaai?

HENDRIK:
Ek kom 'n bietjie by oom Pieter en tant Chrissie kuier. Ek dink nie dis so skielik nie. Nelie het daarvan geweet.

MEV. VENTER:
Sy het my niks gesê nie.

HENDRIK:
Ek het haar dit geskrywe.

MEV. VENTER:
Sy kry so briewe wat sy nie vir my lees nie. Ek vrees die kind word 'n bietjie geheimsinnig. Dis seker maar van die eensaamheid - en van pure oumensgeselskap. Die arme ding het in so 'n treurige tyd grootgeword, met haar pa se dood, en ons behoeftigheid. Daar was Oupa op my hande, en die drie kinders - almal moet tog kos en klere hê en almal so hulpeloos, net Nelie wat kon skouer onder steek om my las 'n bietjie ligter te maak. Maar ek moenie kla nie

['n sug],

ek moet my kruis blymoedig dra.

HENDRIK:
Waar is sy nou, Tante?

MEV. VENTER:
O, Nelie? In die kombuis, sy en Mina. Hul is aan skottelgoed was. Hulle sal wel haas klaar wees...a, hier kom hul al.

[NELIE en MINA kom pratend en laggend by die middeldeur in.]

Kyk wie is hier, kinders.

NELIE:
Naand, Hendrik.

HENDRIK:
Naand, Nelie.

[Hulle gee hand.]

En is dit Mina wat so groot geword het?

[Hy hou sy hand uit.]

MINA

[neem sy hand]:

Ek moet gegroei het, want laaste keer was ek nog klein genoeg om gesoen te word - en nou word hy al vir my bang, nè?

HENDRIK:
As jy dink dis bangigheid!

[Hy trek haar aan die hand nader en soen haar skamerig.]

MEV. VENTER:
Mina! Jy word al 'n dametjie. Gedra jou dan daarna. - Sy is 'n klein vabond, Hendrik. Jy moet haar nie somaar haar sin gee nie.

[NELIE gaan by die klein tafeltjie sit, en neem ook naaiwerk op. HENDRIK gaan op 'n stoel by die groot tafel sit. MINA doen dieselfde, maar sy is te rusteloos om lank stil te wees, en staan later somaar in die kamer rond.]

NELIE:
Hoe gaan dit tuis?

HENDRIK:
Almal in welstand - vanmiddag nog, toe ek daar weg is.

MEV. VENTER:
Vanmiddag van Wellington weg, en vanaand op Worcester? Jy speel, Hendrik. Dis dan 'n goeie sestig-sewentig myl. Of het jy somaar vir kortpad oor die berge geklouter?

HENDRIK:
Ek het met die trein gekom, tante,

MEV. VENTER:
Die trein? En loop die ding so vinnig?

HENDRIK:
Ja, Tante.

MEV. VENTER:
En jy waag dit om daarin te klim?

NELIE:
Ag, wat is dit dan? Ek sou dit self doen as ek die kans kry.

MEV. VENTER:
Ek nie, al betaal jy my. Gee my 'n kar en 'n flukse span perde, en ek weet ek is veilig.

MINA:
Ek ry met die trein as ek seminarie toe gaan, Ma. O, dit sal heerlik wees!

OUPA:

[menende dat MINA, wat toevallig naby hom staan, met hom gepraat het]:

Hoe sê?

MINA

[in OUPA se oor]:

Hendrik het met die trein gekom, Oupa - met die ysterwa.

OUPA:
Watter wa?

MEV. VENTER

[hard]:

Met die trein: dié loop mos nou tot op Worcester.

OUPA:
Met die trein? O. En niks oorgekom nie?

HENDRIK

[hard]:

Nee a, Oom. Wat sou ek dan daarvan oorkom?

OUPA:
O.

MEV. VENTER:
Word jy nie duiselig as jy met so 'n vaart oor die aarde trek nie?

HENDRIK:
Nee, raai, tante - party mense kry glo hoofpyn daarvan, maar aan my het dit niks gedoen nie.

MINA:
Kom saam, Hendrik; die seuns het 'n vuur gemaak, en nou laat ons mielies spring - 'n hele boel van ons - daar oorkant in tant Miem se tuin - en ons vertel spookstories daarby - sulke nare stories - Jo! Dit laat jou ruggraat sommer so koud en krimperig word!

HENDRIK:
Eers darem 'n bietjie met die mense gesels.

MINA:
Dit kan jy later doen. Die lug is nou so heerlik buite - en jy weet nie watter lekker grillerige stories jy mis nie.

[Sy vat hom aan die arm.]

Kom, jong.

HENDRIK

[laat toe, half onwillig, dat sy hom deur toe trek]:

En jy, Nelie - kom jy nie mee nie?

NELIE

[verlangend maar berustend]:

Hier is 'n rok wat moet klaarkom. Ek kan nie vanaand nie.

HENDRIK:
Gaan jy darem ander aande, as die klomp jongmense...?

MEV. VENTER:
Toe maar, Hendrik, Nelie gee nie om nie. Sy is daar al gewoond aan.

MINA

[daar HENDRIK nog staan, asof hy die posisie nie heeltemal begryp nie]:

Toe dan nou, Hendrik. Hulle gaan netnou uitmekaar.

[Sy het hom by die voordeur uit. MEV. VENTER en NELIE gaan voort met die naaiwerk. OUPA sit maar keel skoon te maak en rookdampe uit te blaas.]

MEV. VENTER:
So 'n verwilderde kind! Sy moet seminarie toe. Wat word daar anders van haar?

NELIE:
Ma praat aanmekaar so - Ma weet tog dat ons dit nie kan bekostig nie.

MEV. VENTER:
As jou pa maar gelewe het - so 'n hardwerkende man, so vol besorgdheid oor sy kinders! Ai, die dood is tog wreed, om so vroeg te kom, maar

[sug diep]

as die Here dit wil, moet ons...

NELIE

[gooi haar naaigoed neer, staan op en stap 'n ent weg]:

Dag vir

dag! Weet Ma, dit word so bedrukkend, ek kan nie meer...

MEV. VENTER:
Nelie, Nelie! Asof ons oor een wat ons liefhet...

NELIE

[kom terug en gaan weer sit]:

Hoe kan ek iets liefhê wat my ongelukkig maak?

MEV. VENTER:
Nelie! Dit was jou vader!

NELIE:
Nou ja, ek wil hom liefhê, en juis daarom moet Ma nie...Ag, Ma sal my ook nie verstaan nie. Ma vind daar plesier in om treurig te wees - dit lyk my ou mense is maar so - maar ek...Kan ons dan nie van Pa praat sonder om te sug en trane af te vee nie?

MEV. VENTER

[vee juis 'n traan weg]:

Ag, Nelie, as jy my ook verstoot in my droefheid...

NELIE:
Maar Ma kan tog probeer dink oor iets moois van Pa - iets om voor dankbaar te wees.

MEV. VENTER:
Og, ja, daar is die goeie dinge ook. Hy het darem vir ons die huis gelaat - daar is weduwees wat nie eens dit het nie...

NELIE:
En die geld in die spaarbank.

MEV. VENTER:
Ja, die paar pondjies in die spaarbank. So bietjie-bietjie het hy dit opsygesit, en dan altyd gesê: ‘Weer iets vir die kinders se opvoeding.’ Dit was so sy ambisie - dis my nes die geld vir daardie doel *moet* gaan, asof dit selfsugtig van my sou wees om dit te hou en...

NELIE:
En Ma se oudag? Wat daarvan?

MEV. VENTER:
Ag, as ek my kinders eers groot het, dan sal my behoeftetjies tog so gering wees - en so baie dinge kan in die tussentyd gebeur. Willie sal 'n groot man word, wat nie sal vergeet hoe sy ou moedertjie vir hom geslowe het nie. Ek moet maar van dag tot dag doen wat reg is, en die toekoms in 'n Hoërhand laat. En daardie dogter van my

het tug so nodig - nie soos jy nie, Nelie, wat somaar vroom gebore is - ek sou my plig versuim as ek haar so wild laat bly soos sy nou groot word.

[Staan op en begin haar naaldwerk opvou.]

Buitendien, ons het al voor Mina daaroor gepraat, nou verwag sy dit. Ek weet nie wat dit sal afgee as ons haar teleurstel nie. Jy weet hoe sy is - hoe sy hemel en aarde kan omkeer tot sy kry wat sy wil hê.

[Sit die naaigoed neer en maak haar voorskoot los.]

Maar wag, dis darem tyd dat ek my klaarmaak vir die biduur. 'n Mens reken daarop dat die winteraande lank is, en dan kom jy maklik laat. Jy weet mos hoe om met Sannie se rok aan te gaan, nè Nelie?

NELIE:

Ja, Ma, ek weet.

MEV. VENTER

[klop haar liefdevol op die skouer]:

My flukse dogter! Jy is ook so knap met die naald, ek dink Sannie sou liewer jou werk wil hê as myne. Ek is trots op jou, Nelie. En jy, voel jy nie gelukkig om te weet dat jy jou moeder se sorge lig en haar hart warm maak nie?

[NELIE glimlag maar.]

Nou ja, werk maar lekker, hoor.

[MEV. VENTER neem 'n kers van die groot tafel en stap daarmee by die gangdeur uit. OUPA buk met moeite vorentoe en slaan sy pyp in sy linkerhand uit.]

NELIE

[hard]:

Wag, Oupa - nie op die vloer nie.

[Sy neem die pyp, skud dit in die blaker uit, en gee dit aan hom terug. OUPA het intussen opgestaan en is op pad kombuis toe.]

NELIE:
Hier, Oupa.

OUPA:
Hoe sê?

[Neem die pyp aan.]

O. Dankie.

[OUPA af.]

[Die voordeur gaan ope, en HENDRIK loer in.]

HENDRIK:
Is Tante uit?

NELIE:
Net gaan aantrek vir die biduur.

[Hy kom in.]

En toe? Wat van jul mielies en jul spookstories?

HENDRIK:
Ek het stilletjies daar weggeraak. Nou het ek 'n kans om jou die brief te bring - van Ma - haar antwoord op joue.

[Hy gee haar 'n brief, op die outydse manier gevou - nie in 'n koevert nie. Onder die gesprek wat volg neem NELIE weer haar plek by die werktafel, en HENDRIK gaan by haar sit op die stoel wat MEV. VENTER so-ewe verlaat het.]

NELIE:
Baie dankie, Hendrik.

[Sy maak gretiglik die brief ope.]

HENDRIK:
Ek weet wat daarin is. Pa en Ma sê ja, jy kan by ons kom bly, so lank as jy wil, en van ons huis af die seminarie-klasse bywoon. En verniet ook - Ma sê sy weet mos wat 'n vlytige paar hande jy het, en hoe behulpsaam jy in die huis sal wees.

NELIE

[stralend]:

O, dit sal...dis te goed om waar te word. As Ma net 'n kans wil sien om sonder my...

HENDRIK:
Mina kan mos help.

NELIE:
Hulle het so daaraan gewoond geraak dat ek dingetjies doen - so aangeneem dat dit maar so hoort - en ek ook - ek sien waarlik nie meer hoe dit anders kan gereël word nie.

HENDRIK:
Maar jy *moet* kom, Nelie. Ek wil ook so graag hê jy moet kom.

NELIE

[verwonderd, maar nie ontevrede nie]:

Jy? Ag!

HENDRIK:
Ja, regtig. Sien, daar is iets waarin jy vir my ook moet help.

NELIE:
So?

HENDRIK

[gewigtig, knik met die kop]:

'M! Kyk, noudat die Bovleiplaas somaar daar lê in die knegte se hande - want Pa is te sieklik, en Ma is ook nie meer te gesond nie - nou wil hulle hê ek moet daarop gaan boer.

NELIE:
Dis 'n lekker kans vir jou.

HENDRIK:
As ek daar lus of aanleg voor gehad het, ja; maar dié het ek

nie. Ek het so goed gedoen in die skool, en ek leer so maklik; as Pa my nou wil laat aangaan, kan ek eksamens maak, en onderwyser word. Dan kan ek lees - en lees - en met die kinders gaan praat oor wat ek lees - dit sou my lewe wees! Daar het ek begeerte en ambisie voor, en daar sal ek 'n sukses van maak, dit weet ek.

NELIE:
En wat kan ek daarin doen?

HENDRIK:
Jy kan met Pa en Ma praat - aanhou praat, elke maal wanneer jy die kans kry. Sien, hulle reken my vir 'n kind; hulle neem nie notisie van wat ek sê nie.

NELIE:
Maar weet jy dan nie? - ek is jonger as jy.

HENDRIK:
Dit weet ek. Maar jy is so verstandig - so ernstig. Almal behandel jou soos 'n ouer mens. Hulle sal baie beter na jou luister as na my.

[MINA steek die kop by die deur in.]

MINA:
En toe? Jy sou dan van die goëlery op Groenberg vertel.

HENDRIK:
Ek kom weer. Ek wil net vir Nelie nog iets vra.

MINA

[kom binne]:

Nou ja - vra gou!

HENDRIK:
Loop jy maar. Ek sal kom.

MINA:
Hul het gesê ek moet jou kom haal. Nou wag ek vir jou; dan maak jy gouer.

HENDRIK

[sien nie kans om van MINA ontslae te raak nie]:

Ek wou maar vra - het jy gehoor, Nelie, daar is 'n man wat vanaand 'n toorlantern gaan wys, in die skoolsaal.

NELIE:
Ek het so gehoor, ja.

HENDRIK:
Ek wil gaan kyk. Oom Pieter en tant Chrissie gaan ook. Sal jy meekom?

NELIE:
Dit kos geld.

HENDRIK:
Net 'n sikspens. Ek het genoeg - vir jou en vir my.

MINA:
'n Toorlantern? Die moet pragtig wees.

NELIE:
Hoe laat begin dit?

HENDRIK:
Netnou - agtuur.

NELIE:
Dan is Ma nog in die biduur - en dan moet ek kyk dat Oupa in die bed kom - en gaan kyk of hy sy kers doodgeblaas het - en hierdie rok wat moet klaarkom...

MINA:
Ek gaan by Ma 'n sikspens bedel. Ek het nog nooit 'n toorlantern gesien nie.

NELIE:
Ek ook nie.

HENDRIK

[aan MINA, wat op pad is na die gangdeur]:

Toe maar, ek het geld genoeg vir ons drie.

MINA:
Dan net vir Ma sê, hoor.

[Uit by die gangdeur.]

HENDRIK:
Sy is al weer vir jou voor.

NELIE:
Sy weet Ma laat haar maar begaan.

HENDRIK

[kom nader, en praat skamerig, maar gevoelvol]:

Weet jy, Nelie, dis...dis nou nie net vir *jou* plesier nie...dis vir myne ook. Ek - ek wil graag vir *jou* saamgehad het...dat ons 'n bietjie kan gesels...en...

[MINA kom weer ingestorm, regs.]

MINA:
Ma sê ja, ek kan gaan, as oom Pieter en tant Chrissie meegaan - om te kyk dat die jong mense vir hulle gedra.

HENDRIK:
Ja, hulle kom ook.

MINA:
Lekker!

[Swaai dansend van vreugde oor die vloer.]

Ai! 'n Toorlantern! Jo!

HENDRIK:
En wat van Nelie?

MINA:
Dit het ek nie gevra nie. Ek weet sy het werk om te doen; en sy is ook nie een wat so graag uitgaan nie.

HENDRIK:
Maar sy het lus om te gaan.

MINA:
Nou loop vra dan, Ousus. Elke man vir homself, sê ek, dan kom almal die verste.

HENDRIK

[aan NELIE]:

Sal jou ma dan nie maar vanaand die biduur laat staan nie?

NELIE:
Vir 'n toorlantern? Ek durf amper nie vra nie.

HENDRIK:
Maar jy moet, Nelie. Jou ma sal tog verstaan, en...

MINA:
Probeer maar, sus. Vra is vry. - Maar ons sal darem vir Nelie alles vertel as ons terugkom, nè Hendrik.

HENDRIK:
Dis nie dieselfde nie. 'n Toorlantern is iets wat jy moet sien.

MINA:
Dis iets wat ek al lankal wou gesien het. O, jy is 'n engel, Hendrik.

[Vat hom aan die arm.]

Kom, vertel nou daardie goëlstorie. Daar is nog 'n bietjie tyd.

HENDRIK

[laat hom maar weer deur toe trek]:

Onthou om te vra, hoor Nelie. En laat ons kom help mooipraat, as dit nodig is.

[MINA by die voordeur uit, en HENDRIK, vir wie sy nog aan die arm het, agterna. NELIE lees haar brief. MEV. VENTER kom in by die gangdeur, met mantel, hoed en gesangboek, klaar vir die biduur. Haar duimhandskoene het sy nog in die hand, en onder die gesprek trek sy dit aan.]

MEV. VENTER:
Weer 'n brief gekry, Nelie?

NELIE:
Ja, Ma.

MEV. VENTER:
Van iemand wat ek ken?

NELIE:
Ja, Ma.

MEV. VENTER:
Nuus wat ek mag hoor?

NELIE:
Iets wat...iets waaroor ek graag met Ma wil praat. Het Ma nog tyd?

MEV. VENTER

[stap tot by die werktafel, en gaan by NELIE sit]:

'n Paar minute, ja. Vertel maar.

NELIE:
Dis van Hendrik se ma. Ek het aan haar geskrywe

[aarsel]

...of ek 'n tydjie by haar sal kan gaan kuier.

MEV. VENTER:
Ek sal jou verskriklik mis, Nelie. Ek kan amper nie sien hoe die huishouding 'n dag sonder jou kan klaarkom nie. Maar om jou ontwil, kind - as jy daar lus voor voel - sal ons dit maar inpas, een of ander tyd as die naaiwerk nie so druk is nie, vir 'n naweek - miskien selfs vir 'n hele week...

NELIE:
Ek wou darem langer gebly het, Ma.

MEV. VENTER:
Langer as 'n week?

NELIE:
Ja, Ma. Ek het gesê ek sou help in die huis, en met die naaigoed, en so is sy gewillig om my verniet...

MEV. VENTER:
Vir hoe lank dan?

NELIE:
Vir...vir...ek sou sê, Ma, vereers vir 'n kwartaal, en dan...sien Ma, ek wil die seminarieklasse bywoon, en as ek verniet kan loseer, dan kos dit so min - en terwyl Ma nie omgee om van die spaarbankgeldjies te trek nie...

MEV. VENTER

[met sterk aandoening]:

En as jy my alleen laat, Nelie, wat word van my, wat word van my? Wie hou vir my geselskap, wie help om te sôre vir Oupa, vir die kinders, vir die naaigoed wat ons brood moet verdien?

[Omhels vir NELIE.]

My kind, wat die ledigheid van my hart kom vul het, wil jy regtig jou weduwee-moeder verlaat? Is die huis, die werk dan vir jou so onaangenaam?

NELIE:
Nee, Ma, maar die opvoeding...Ma het daar self van gepraat. Ma wil dit vir Mina gee...en ek het gedink...

MEV. VENTER:

Jy het dit nie nodig nie, Nelie. Jy is somaar 'n volmaakte mensie - somaar van natuur goed en fyn en skrander. Ag, my kind, moet tog nie dink dat ek jou dit nie gun nie. Jy is my lieflingskind, jy weet dit. Maar juis daarom - die gedagte dat ek jou vir maande en maande nie sal sien nie, nie met jou sal kan praat nie, nie jou teenwoordigheid sal kan voel nie - o, ek kan jou nie afgee nie.

[Die laaste woorde sê sy byna snikkend, met die hande voor die gesig.]

NELIE

[aangedaan, sit haar hand strelend op MEV. VENTER se skouer]:

Ag, Moedertjie, moenie.

MEV. VENTER:

En Hendrik moet vir jou laat staan - so 'n bog kind...so 'n...

NELIE:

Dit kom nie van hom nie, Ma. Ek het self...

MEV. VENTER:

Ek sien aan sy hele manier...miskien is dit maar omdat ek so bang is. Iemand sal jou eendag van my kom wegneem, Nelie, en ek sal nie in die pad van jou geluk wil staan nie; maar as ek sien dat 'n jong man jou aankyk, dan voel ek hul ruk aan my, hul skeur aan my, en ek kan dit nie help nie - al weet ek dis verkeerd van my - ek wil hul van jou wegstoot, ek voel of ek jou moet beskerm, ek

wil jou aan my hart druk dat hul jou nie kan kry nie.

NELIE

[glimlag]:

Waar loop Ma se verbeelding dan nou heen!

MEV. VENTER:
Vandat jou vader my ontval het, Nelie, het jy die naaste daartoe gekom om sy plek in te neem. As ek die fout maak om jou *te* lief te hê - so lief dat ek die gedagte aan 'n skeiding nie kan verdra nie - dis tog 'n vergeeflike fout, Nelie, en jy sal dit my nie kwalik neem nie, nè?

NELIE:
Nee a, Ma.

MEV. VENTER:
En ek begin al oud word. Wie weet hoe kort my tydjie nog is! Jy sal nie altyd met die lastige oumens opgeskeep wees nie.

NELIE:
Ag Mammie tog!

MEV. VENTER:
Wil jy waarlik van my weg? Wil jy nou waarlik jou ou moedertjie ongelukkig en ellendig maak?

NELIE

[in hewige stryd]:

Ek...ek...

[omhels haar moeder]

nee, ek weet self Ma kan my nie mis nie...ek weet ek kan nie weg nie...net...net...

MEV. VENTER

[streel haar liefderyk]:

My skat van 'n dogter! O, Nelie, jy is 'n liewe kind. Jy is 'n volmaakte kind. Jy is 'n engeltjie op aarde. Ek is trots op jou. Ek is so dankbaar dat jy myne is.

[Streel haar weer.]

Nou moet ek regtigwaar loop.

[Staan haastig op.]

Ek wens ek kon jou 'n makliker lewe gee, maar ek is self magteloos. Maar toe maar, Nelie, jy dra die las in jou jeug, en jy sal jou loon eendag ontvang.

[Sy blaas die kerse op die groot tafel dood, sodat net dié op die werktafel nog brand.]

Wat sal die kerse verniet brand. Dit kos alles geld. Jy het mos nie ál hierdie lig vir die naaiwerk nodig nie, nè Nelie?

NELIE:
Nee, toe maar, Ma.

MEV. VENTER:
Jy sal sien dat Oupa om agtuur in die bed kom, nè?

NELIE:
Ja, Ma.

MEV. VENTER:
En sy kers gaan doodmaak as hy slaap? - anders steek hy nog een nag die huis aan die brand.

NELIE:
Ja, Ma.

MEV. VENTER

[by die kombuisdeur, hard]:

Nag, Pa.

OUPA

[uit die kombuis]:

Hoe sê?

MEV. VENTER

[harder]:

Ek sê goeienag, Pa.

OUPA:
O. Slaap gerus.

MEV. VENTER:
Tot siens, my liefste kind. Ek weet jy voel binnekant gelukkig. So voel 'n mens as jy doen wat reg is.

NELIE

[lusteloos]:

Tot siens, Ma.

[MEV. VENTER by die voordeur uit. NELIE kyk nog 'n slag na die brief, vou dit dan weer toe, en bêre dit in haar klere weg. MINA kom by die voordeur ingehardloop, gevolg deur HENDRIK.]

MINA:
Ek sal gou wees, hoor.

[Sy hardloop oor die kamer en by die gangdeur uit.]

HENDRIK:
En toe?

NELIE:
Ma is weg na die biduur.

HENDRIK:
Wat het sy gesê?

NELIE:
Van die toorlantern? - Ek het nie gevra nie.

HENDRIK:
Nie gevra nie? Hoekom dan nie?

NELIE

[in skielike opgewondenheid]:

Hoekom moet ek altyd vra - altyd stoei en soebat, en op die ou end tog maar ingee? Kan Ma dan nie uit haar eie ook dink dat ek...?

[Sy stop en draai haar gesig weg om nie die opwellende trane te wys nie.]

HENDRIK

[simpatiek]:

Jou ma *is* onbedagsaam, Nelie - dit het ek al opgemerk. Miskien het jou toegewendheid haar bederwe - dat sy nie besef hoe jy voel nie - want ek dink tog sy meen dit goed met jou.

[MINA kom in by die gangdeur, met 'n hoedjie en 'n manteltjie.]

As jy mooi gevra het, maar beslis, en gewys het hoe veel dit vir jou beteken, sou sy seker...

NELIE:
Ag, ek wil ook liewer nie gaan nie.

HENDRIK:
Liewer nie...?

NELIE:
Nee. Toe, loop julle maar.

MINA

[besig om die hoedjie op te sit, aan HENDRIK, wat enigsins oorbluf vir NELIE aankyk]:

Ousus is mos anders as ons. As ek nie met die jongspan mag saambaljaar nie - of na die toorlantern gaan kyk nie - of seminarie toe gaan nie, dan sou ek ellendig voel. Ek sou my doodknies. Ek sou 'n gifpoeiertjie sluk, so waar. Maar vir sus Nelie is dit plesier genoeg om net goed te wees. Dis mooi van haar, dit weet ek, en almal prys vir haar terwyl hul vir my slegsê - maar liewer sy as ek. Tot siens, my goeie Ousus.

[Sy maak die voordeur oop. HENDRIK aarsel nog.]

Dis al agtuur, hoor. Kom, Hendrik, ons is laat.

[MINA en HENDRIK by die voordeur uit. Intussen het OUPA weer uit die kombuis aangesukkel gekom.]

NELIE

[sit 'n oomblikkie in gepeins; dan, asof sy skrik]:

Agtuur!

[Sy spring op, en stap na OUPA.]

Slaaptyd, Oupa.

OUPA:

Hoe sê?

NELIE

[in sy oor]:

Slaaptyd!

OUPA:

O.

[Hy draai om en strompel oor die kamer na die gangdeur. NELIE haal die kers van die buffet, steek dit by die kers op die werktafel aan, en gee dit vir hom.]

NELIE:

Nag, Oupa.

OUPA:

Slaap gerus.

[OUPA by die gangdeur uit, met die brandende kers in die hand. NELIE, alleen, gaan by die werktafel sit en neem die naaigoed in die hand. Sy sit stil asof sy in die verte kyk. Dan haal sy 'n sakdoek te voorskyn en vee sy uit elke oog 'n traan weg.]
[Skerm]

Tweede bedryf
1908

Dieselfde kamer, maar met ander muurpapier, gordyne, tapyte, ens., want dertig jaar het verloop. Die ou leuningstoel staan nog min of meer op sy ou plek, maar die klein tafeltjie is nie meer daar nie, en op die groot tafel, in die plek van die kandelare, staan 'n olielamp, wat egter nie opgesteek is nie. Op die vloer naas die buffet staan 'n voetstofie. Dis laat namiddag, en daar kom nog 'n skemerlig by die venster in. Op die tafel is 'n naaimasjien en 'n hopie naaigoed. By die masjien lê NELIE *se bril, wat sy opsit wanneer sy die naaiwerk doen. Daar staan twee of drie stoele by die tafel en nog 'n paar los rond in die kamer.*

MEV. VENTER, nou in die sewentig, sit in die leuningstoel, met 'n oop brief in die hand. Haar vingers is ingekrimp van die rumatiek. Sy sukkel om by die swak lig te lees, sug en lees weer, en kyk ongeduldig na die voordeur. Na 'n rukkie gaan die voordeur oop en NELIE, *nou 'n vrou van so 'n ag-en-veertig jaar, kom binne. Sy stap na die tafel, sit die bril op en begin aan die naaiwerk te werk.*

MEV. VENTER

[net soos NELIE *inkom]:*

A, eindelik! Ek kon ook 'n dodelik toeval gehad het, en geen mens in die huis nie. Waar het jy weer ál die tyd gesloer, Nelie?

NELIE:
Ek het mos vir Johanna van der Merwe...

MEV. VENTER:
Jy sou dan net ‘welkom tuis’ gaan sê het; daarvoor het jy nie 'n uur en 'n half...

NELIE:
Maar as 'n mens van so 'n reis terugkom, het jy tog baie om te vertel, Ma, en baie om te wys ook - sulke mooi dingetjies wat sy in die vreemde plekke opgetel het - ek sou nog langer gebly het, maar ek weet Ma raak so kriewelrig as Ma 'n bietjie alleen moet sit.

MEV. VENTER:
Ag, my kind, as jy eendag so oud en hulpeloos is, en die kinders wat jou lus en jou lewe - maar wat, as 'n mens nie self 'n moeder is en moederliefde gesmaak het nie - Mina sal my gevoel beter begryp as jy, Nelie.

*[*NELIE *kyk met 'n halfpynlike, halfgeamuseerde trekkie op, maar sê niks en gaan met die naaiwerk voort. Daar is 'n kort stilte;* MEV. VENTER *skuiwe ongemaklik in haar stoel.]*

MEV. VENTER:
Bring tog die stofie, Nelie. Ek sit so sleg, en die pyne - ai, die ou liggaam!

*[*NELIE, *wat die bril afhaal sodra sy die naaiwerk los, skuiwe die stofie*

onder MEV. VENTER se voete in. MEV. VENTER neem NELIE aan haar hand en hou dit inniglik vas.]

MEV. VENTER:
My lieflingskind, wat altyd my hulp en my troos was! Jy weet nie wat 'n warm plekkie jy in my hart inneem nie, Nelie. Dis omdat ek jou liefhet, dat ek jou altyd naby my wil sien en voel.

NELIE

[streel haar]:

Ja, Ma, ek weet.

MEV. VENTER:
En ek wil tog nie 'n las wees nie - liewer dood as om 'n las te wees...

NELIE

[liefdevol]:

Toe maar, Moeder, toe maar!

MEV. VENTER:
Maar ek wat so vir my kinders geswoeg het - alleen vir hulle grootgemaak het, met die vader in die graf - ek het tog in my oudag 'n aanspraak op hulle sorg en liefde.

NELIE:
Og, natuurlik, natuurlik, Moeder.

MEV. VENTER:
Nou is die ander so ver van my weg - Mina met haar huisgesin, Willie met syne - nou ja, dis die wêreld se beloop - maar ek kwel my tog so oor Mina. Hierdie brief - ek het weer daarna gekyk, al is die lig ook te swak vir my oë - maar jy was nie hier om die lamp aan te steek nie...

[NELIE handel op die wenk, en steek die lamp aan. Buite word dit langsamerhand heeltemal donker.]

MEV. VENTER:
En jy weet, as dit begin donker word, en ek is alleen in die huis - nadat die ou hart my al sulke poetse gebak het - dan verbeel ek my ál daar kom weer 'n floute aan.

[As NELIE die lamp klaar opgesteek het, neem sy weer die naaigoed op.]

Mina was tog so begaan daaroor, toe sy laas hier was. Onthou jy, Nelie, hoe ernstig sy met jou gepraat het?

NELIE:

Ja -

[laggend]

vir my die Leviete voorgelees - dat dit my plig is om vir Ma nooit 'n oomblikkie alleen te laat nie. Dis wat Mina van hou: om vir 'n ander...

MEV. VENTER:
Ag, Nelie, Nelie! As 'n kind oor haar moeder besorgd is! Arme Mina! Dat sy nou 'n man moet gekry het wat haar die lewe so...

NELIE:
Wil Ma nou regtig aanneem dat dit alles Hendrik se skuld is?

MEV. VENTER:
Maar Nelie, kan jy jou eie bloed afstaan?

NELIE:
Om te sê wie se skuld dit is - dis mos nie 'n kwessie van kante kies nie; dis 'n kwessie van feite.

MEV. VENTER:
Ja, dit is ook so. Maar as ek darem dink hoeveel sorg en liefde ek aan haar bestee het, hoe ek vir haar opvoeding my spaargeldjies opgeoffer het, en dat sy 'n man moet kry wat dit nie waardeer nie en...Daar hoor ek 'n kar! Gaan kyk tog, Nelie.

NELIE:
Dink Ma dan nou dat sy regtig van hom gaan wegloop - van haar mooi huis, van haar groot seun, en alles?

MEV. VENTER:
Dis Hendrik wat alles wil omkeer - so skrywe sy - en dat sy...Ag, Nelie, gaan kyk tog, al is dit net omdat jou moeder dit vra. Jy weet nie wat 'n spanning dit vir my is nie. Dit sal *jy* nie besef nie.

NELIE

[stap voordeur toe]:

Nou ja, om vir Ma gerus te stel...

[Sy maak die voordeur ope. Sodra die deur beweeg, hoor 'n mens iets - soos 'n stuk plank - op die stoep val.]

MEV. VENTER

[skrik]:

Wat is dit, Nelie?

NELIE:
Nie die kar nie, Ma. Dié is verby. Dis net my naambord. Ek het al gemerk dat die skroewe los is. Nou het dit afgeval.

[Sy kom weer in, met 'n bord waarop geskrywe staan: 'Cornelia Venter, Modemaakster.' Sy trek die deur agter haar toe, hou die bord op die buffet, en staan daarna te kyk.]

Dis eenkant maar goed, want ek wou dit afhaal om te laat oorskilder. Die verf begin al oud en dof te lyk.

MEV. VENTER

[het intussen die brief weer toegevou en in haar klere weggesit]:

Luister! Ek dink ek hoor weer 'n kar - en nog een.

NELIE

[skuiwe die bord agter die buffet en gaan voort met die naaigoed]:

Dis nie in ons straat nie. Die trein is seker in, dis dié wat daar soveel karre is - die kebkarre van die stasie af...

MEV. VENTER:
Dis juis die karre wat vir haar sal bring.

NELIE:
As sy kom, ja; maar as ek vir ál die karre moet opspring...en Ma se ore is nogal so fyn - vir wat Ma graag wil hoor.

MEV. VENTER:

As dit vir my kinders is - jy weet self, Nelie, toe my man my ontval het, hoe ek nog net vir julle gelewe het. En Mina, vir wie ek so op die hart gedra het, juis omdat sy 'n moeilike kind was, wat soveel sorg nodig gehad het - so anders as jy, Nelie - oor jou het ek my nooit bekommer nie, so was dit ook nie nodig om my gedagtes gedurig oor jou te laat gaan nie...Luister! Daardie kar draai mos by ons af.

NELIE

[luister]:

Ja, en dit klink of hy voor die deur stilhou.

[Sy staan op en stap voordeur toe.]

Ek kan darem nog nie dink dat Mina...

[Sy maak die deur oop.]

Ja waarlik, Ma het beter geraai as ek.

MEV. VENTER:

Nie geraai nie, Nelie; ek het gevoel, want ek is 'n moeder.

[MEV. VENTER het onder die praat opgestaan - iets wat sy met 'n bietjie moeite doen - en sy stap nader na die voordeur.]

NELIE

[in die deur]:

Wel, Mina! Naand, Fanie.

MINA

[buitekant]:

Naand, Nelie.

[MINA kom in, gevolg deur FANIE, 'n seun van omtrent twee-en-twintig. FANIE het 'n reiskoffer in elke hand.]

MEV. VENTER:

My kind! My arme kind!

[Sy en MINA val mekaar om die nek.]

FANIE:
Naand, Ouma.

MEV. VENTER:
Fanie ook! Naand, my seun.

[Hy los die koffers en soen haar.]

MINA:
Sit daardie koffers opsy, Fanie, en bring die ander goed in.

[FANIE stoot die koffers teen die muur, en stap uit om nog goed te haal.]

MEV. VENTER:
'n Bietjie koffie, Nelie.

NELIE

[wat reeds op pad was na die middeldeur]:

Ja, Ma, ek gaan nou juis water opsit.

MEV. VENTER:
En iets om te eet. Hulle is seker flou van die honger.

MINA:
Net 'n koppie koffie, dankie. Ons het so baie padkos gehad.

MEV. VENTER:
Hulle moet darem iets warms kry, Nelie. Het jy 'n paar eiers?

NELIE:
Ja, Ma.

[NELIE af in die kombuis.]

MINA

[onderwyl NELIE uitstap]:

Dankie, Ousus. Dit sal lekker smaak.

FANIE

[wat weer met bagasie ingekom het]:

Twee sjielings, asseblief, Ma; en hy vra wanneer hy ons weer moet kom haal.

MINA

[gee hom die geld]:

Wanneer? - O, wanneer ons teruggaan huis toe? Maar as ons hier mag bly - as Ma ons nie ook wegja nie...

MEV. VENTER:
Ag, my kind, asof ek ooit...asof ek nie altyd gelukkigste is met my kinders rondom my nie!

[MEV. VENTER en MINA val mekaar weer om die hals. FANIE draai om en stap by die voordeur uit.]

MINA:
Ek het geweet Ma sal my nie verstoot nie. Ek het dit vir Hendrik gesê - ek het hom behoorlik gewaarsku - maar aan hom is geen salf meer te smeer nie. Ek sal darem vir Ma niks kos nie. Hy sal moet onderhoud betaal. Ek het 'n prokureur gesien.

MEV. VENTER:
Toe maar, Mina, al het jy hier nakend aangekom - al het ek self niks...

MINA

[soen haar]:

Wat 'n heerlike, onselfsugtige moeder!

[Onder die praat kom FANIE met die laaste van die bagasie binne. Hy staan 'n bietjie in die kamer rond, en werskaf later vir tydverdryf aan die naaimasjien soos een wat in die meganisme daarvan geïnteresseerd is. MEV. VENTER gaan in die leuningstoel sit, en MINA neem 'n ander stoel.]

Maar sê my eers, hoe gaan dit met Ma?

MEV. VENTER:
So - oud en kranklik - soos 'n mens moet verwag in die jare wanneer jy op die ou wêreld begin afkyk soos iets wat al onder jou padgee. Die ou hart wil nie meer nie. Elke maal 'n toeval, en dan dink ek dis my laaste. As Nelie my vir 'n halfuur alleen laat in die huis...

MINA:
Maar dit moet sy nie doen nie. Noudat ek hier is, moet sy vir

Ma goed versôre - dit sal ek haar self nog sê.

MEV. VENTER:
Jy is ook so lief en bedagsaam.

MINA:
Dis die minste wat ons vir Ma kan oorhê, ná Ma se jare van opoffering vir ons, noudat Ma te swak en te sieklik - ja, sê my, hoe is die rumatiek in die laaste tyd?

MEV. VENTER:
Kyk hier.

[Hou die hande op.]

Die vingers wil nie oop nie. Dis die hande wat altyd so bedrywig was. Nou is dit hulpeloos. Nelie moet alles doen, vir haar en vir my - die arme kind!

MINA:
Sy kry darem die toelagies elke maand, van Willie en van Hendrik.

MEV. VENTER:
Ja, dit help baie, en ek is daar dankbaar voor. Sal Hendrik nog syne stuur, dink jy, noudat jy...?

MINA:
Hy moet. Ek sal 'n manier kan prakseer. Al is ek ver van hom af, moet hy nie dink dat hy van my ontslae is nie. Dit sou hy wel wens. - Wat peuter jy ál aan die masjien, Fanie? Netnou breek jy dit.

[NELIE het intussen ingekom met skottelgoed. Sy vou die tafelkleedjie terug, sodat sy die helfte van die tafel beskikbaar het. Sy haal 'n tafellaken uit die buffet, en dek die helfte van die tafel.]

FANIE:
Dit lyk my daar is 'n fout. Slaan dit nie steke oor nie, Tant Nelie?

NELIE:
Ja, dis baie hinderlik. Sal jy dit kan regmaak?

FANIE:
Ek kan probeer.

[Hy begin stukke van die masjien af te skroewe.]

MEV. VENTER:
Nelie sal tog bly wees. Sy het al so daaroor gekla.

MINA:
Maar straks verfoes hy dit. So maak hy met alles by die huis - horlosies, pompe, alles wat maar ratte het - daar kan hy sy hande nie van afhou nie. Die laaste ding word uitmekaaruit gehaal, en by die inmekaarsit steek hy vas.

FANIE:
Nee a, Ma. Net as 'n ding regtig te stukkend is...

NELIE:
Laat hom maar probeer. Hy sal wel versigtig wees - nè Fanie?

FANIE:
Ja, natuurlik, Tante.

MINA:
Nou ja, as jy hom nog wil aanmoedig...Hy is met daardie goed net soos sy pa met boeke. Die werksmense kan maar bak en brou en alles verknoei, dan sit Hendrik op die stoep met Jan Celliers se versies, of besig om aan die koerante te skrywe oor die A.T.V. en die C.J.V. en al die ander Vees, en Fanie is by die buurman om die motorkar te bekyk.

MEV. VENTER:
'n Motorkar? Die ding wat op die pad loop sonder perde?

FANIE:
Ja, Ouma, mnr. Naudé het een. Het Ouma al 'n motorkar gesien - of Tante?

NELIE:
Ek hoor daar was verlede week een in die dorp, maar ek het dit nie gesien nie.

MEV. VENTER:
Ek bly ook maar liewer ver uit die ding se pad uit.

NELIE:
Ek sou hom van die stoep beskou, maar binne-in kry jy my nooit.

MINA:
So het ek ook vir mnr. Naudé gesê, maar hy hou aan met nooi.

FANIE:
Hy sou juis vanmiddag vir ons kom haal het om 'n ent te gaan ry, en ek het so daarna uitgekyk...

MINA:
Maar toe kry jou ma jou nodig - en my groot seun sal my nie afstaan nie, nè, as sy pa my so behandel dat ek nie langer...

NELIE:
Maar Mina!

[Sy maak 'n teken wat moet sê: 'Tog nie voor die kind nie.']

MINA:
Toe maar, Fanie weet van alles. Hy sien mos wat in die huis gebeur - hoe Hendrik daar al ingekom het, hoog in die takke, en vir my links en regs...

NELIE:
Gaan haal jou hoed af, Mina, en was jou hande. Die ete is amper klaar.

MINA

[staan op]:

Ek kry seker die vrykamer, nè, en Fanie die buitekamer?

MEV. VENTER

[staan ook op]:

Ja, dis vir julle klaar - altyd vir my kinders klaar. Ek sal saamkom en kyk of jy alles het - en nog verder hoor wat jy te vertel het.

FANIE:
Het Ma dadelik die goed nodig? Ek kan nie nou die masjien bra los nie.

MINA:
Toe maar, net my handsakkie. Dié neem ek somaar self.

[MEV. VENTER en MINA by die gangdeur uit. NELIE bly besig by die tafel, en FANIE met die masjien.]

FANIE:
Ma praat asof ek so tevrede was om saam te kom, maar daardie kans vir 'n motorrit - dié kry 'n mens nie aldag nie. Nou ja, tant Nelie weet hoe beslis Ma kan wees as sy 'n ding wil hê, en vandat ek 'n opgeskote seun was het Ma gevind dat sy vir Pa met my kan vermaak as 'n sterk jong man wat altyd klaarstaan om vir haar op te kom. Nou moet ek maar die rol speel.

NELIE:
Waarom *moet* jy?

FANIE:
Ek sê mos, Ma het dit so gereël, en Ma kry altyd haar sin. Maar die oukêrel is tog net so ná aan my, nie waar nie? En ek kan nie help om vir hom jammer te voel nie.

NELIE:
Wat was dan vandag die moeilikheid, dat jul somaar daar weggespaander het?

FANIE:
Ag, die ou dinge - die stryery oor die plaas. Hulle het vanmôre...

NELIE:
Ek moet net die eiers en die tee gaan haal. Praat maar, ek kan in die kombuis goed hoor.

[NELIE af in die kombuis. Sy laat die deur oop staan.]

FANIE

[los tydelik die masjien, sit wydsbeen soos een wat perdry oor

'n stoel naby die middeldeur, en praat na die kombuis toe]:

Nou ja, hulle het met die opstaan al aan mekaar geraak, en toe het Pa 'n dop gaan steek om ekstra koerasie te kry om sy sê te sê. Dis ál tyd dat Pa drink, as hy en Ma woorde het. Dit maak 'n ander man van hom, en dit het hy uitgevind - so beslis en so seker van homself - jy sou hom nie ken nie - jy sou sê hy is altyd baas in die huis. Maar wat, as die brandewyn sak, dan moet hy mooi om ekskuus vra, en dan doen hy weer net wat Ma sê. Nou wel, vanmôre, op sy nugter maag, het hy glo misreken, en die dop was vir hom te kwaai. So het ek hierdie keer my pa regtigwaar deur die wind gesien; nie somaar getik nie - dit was hy al baie - maar behoorlik smoordronk. Dit het vir Ma 'n goeie grief gegee, en Ma is een wat die yster slaan terwyl dit heet is. Ma het my gou-gou die kar laat inspan; ons is Wellingting toe, na 'n prokureur; toe net terug om ons goed te kry - Pa was nog besig om sy oggend se manhaftigheid weg te slaap - en met die namiddagtrein is ons weg, en hier is ons.

[NELIE bring die tee in.]

NELIE:
Jy sê hul stry oor die plaas. Hoe so?

FANIE:
Kyk, Tante weet, die boere het nou 'n baie swaar tyd.

[Nelie onder die praat weer kombuis toe].

Pa het al 'n verband moes opneem, en hy sê hy sien nie meer kans om die rente uit te boer nie. Nou wil hy die plaas verkoop, en dorp toe trek, en 'n winkelklerk word. Maar dan sal ons 'n klein plekkie moet kry, en eenvoudig moet lewe; en op die plaas, soos Tante weet, het ons die groot huis,

[NELIE kom in met die eiers]

en die mooi werf, en die tennisbaan, en die swembad, en mense kan kom kuier - hierdie moeilikheid was juis deurdat Celia se mense vir die naweek...

NELIE:
Celia! O, ja, jou moeder het vir ons geskrywe van daardie nooientjie van jou, en hoe gek jy na haar is - jy, wat nog so 'n snuiter is. En sy is 'n mooi dingetjie, nè? - so sê jou ma.

FANIE

[gaan weer aan die masjien werk, terwyl NELIE begin brood sny]:

Ja, heeltemal gangbaar. Sien, sy is eintlik Ma se keuse.

NELIE:
Jou ma se keuse? Is jy dan nie self mans genoeg om...?

FANIE:
Om 'n nooientjie te hê nie? Ja, Tante, ek hou van hulle - van 'n hele paar nogal - maar nou nie op so 'n ernstige manier soos Ma oor dié dinge dink nie.

NELIE

[laggend]:

Ag, hoor tog, hoe ewe onverskillig! Maar jou ma het geskrywe dat jy smoorverlief is.

FANIE:
Ja, so sê Ma vir my ook - elke dag - en nou begin ek dit self te glo. Sien, Ma weet tog wat vir my die beste is; en ek moet erken Celia is 'n kans uit 'n duisend. Sy *is* mooi, en sy kan klavier speel, en sing, en 'n bietjie skilder, en...

NELIE:
En botter maak?

FANIE:
Nee, sien, haar mense is baie ryk. Sy het nooit hoef te werk nie. Nou sê Ma, as Pa hom net meer op die boerdery wil toelê, en ek trou met Celia, dan sal hy wel die plaas kan aanhou vir ons om dit eendag oor te neem...

NELIE:
Het jy aanleg vir die boerdery?

FANIE:
Nee, Tante, glad nie; nog minder as Pa. Ek sou graag ingenieur wil geword het, maar dit kon Pa nie bekostig nie. En sien, wat Ma sê, met Celia se geld sal ons heerlik op die plaas kan woon, al vreet die mot ook die appels op en die filloksera die wingerd.

[Hy draai die masjien.]

Kyk, Tante, ek meen dis nou in orde.

[MEV. VENTER en MINA kom by die gangdeur in.]

NELIE:
Ai, dit sal 'n plesier wees. Baie dankie, Fanie.

FANIE:
Nie te danke, Tante. Dit was vir my 'n plesier om daaraan te werk.

NELIE:
Sit maar, Mina.

MINA:
Het jy en Ma al klaar geëet?

MEV. VENTER:
Ja, ons is klaar. Ek sal darem vir geselskap weer 'n koppie koffie neem.

[MINA gaan by die tafel sit, en MEV. VENTER in die leuningstoel. NELIE skuiwe vir haar ma die stofie onder die voete en help om haar gemaklik te laat sit. As sy klaar is, sê MEV. VENTER: 'Dankie, Nelie.']

FANIE:
Daar is my hande nou vol olie. Kan ek dit maar in die kombuis gaan was, Tante?

NELIE:
As jy wil - maar gaan deur na die buitekamer, daar sal jy spieël en seep en handdoek kry. Daar is glo nie water in die beker nie, maar dié kan jy mos self gaan tap.

FANIE:

Goed, Tante, ek sal regkom.

[FANIE af deur die kombuisdeur.]

MEV. VENTER:

O, Nelie, jy moet tog hoor hoe daardie vent met Mina te kere gaan. Om te dink dat ek my dogter moes afstaan aan 'n man wat drink - wat in sy dronkenskap skel en raas en slaan ook - hy het jou geslaan ook, nè Mina?

MINA:

Wel, eintlik meer gestoot - so aan my skouer gevat en my geskud, en toe vergeet ek myself, ek gee hom 'n taai klap, en toe *stoot* hy my weg.

MEV. VENTER:

Ai, hoor tog! En dit aan 'n kind wat ek so teer grootgemaak het.

NELIE

[skink vir MEV. VENTER 'n koppie koffie - dan vir die ander, en vir haarself ook, en gaan later by die ongedekte deel van die tafel sit]:

Help vir jou met die eier, Mina - en met die brood - en botter.

MINA:

Dankie.

NELIE:
En wat is nou jou plan?

MINA:
Vereers hier bly, en kyk watter uitwerking die prokureursbrief het.

MEV. VENTER:
Ja, my kind, as hy jou so mishandel - so lank as jy wil - onder jou moeder se vlerk.

MINA:
My dierbare ou moedertjie!

NELIE:
Ag, Ma, wees dan nou verstandig. Ons is mos nie meer kuikens nie.

[Aan MINA]:

Wat is die uitwerking wat jy verwag?

MINA:
Wel, as dit hom mak maak...

NELIE:
Sodat hy doen wat jy wil hê?

MINA:
Ja, as jy dit so wil stel.

NELIE:
Dan gaan jy terug?

MINA:
So meen ek, ja.

NELIE:
Dis nie dat die lewe ondraaglik is nie?

MINA:
Wat katkiseer jy my so? Hendrik is nie heeltemal onregeerbaar nie. Jy sal sien, hy kom netnou agter my aan.

MEV. VENTER:
Dink jy waarlik dat hy jou so lief het, Mina?

MINA

[lag]:

Lief? Ma laat my lag. Watter liefde was daar ooit in ons huwelik?

MEV. VENTER:
Maar hy moes tog, toe hy jou gevra het...

MINA:
Ek was Nelie se suster en het so hier en daar 'n familietrekkie gehad wat hom aan haar herinner het - maar sy was ver en ek was naby, en sy was buitendien te sedig om na te vry...

NELIE:
Ag, Mina, wat praat jy!

MINA:
Dis die grondige waarheid - en hy was 'n bietjie swak en besluiteloos - soos jy ook, Nelie. Maar ek is anders. Ek weet as ek 'n ding wil hê, en ek sê dit reguit - ek sê 'n ding soos dit is - vir 'n arm meisie soos ek was Hendrik 'n goeie partytjie, ek wou hom gehad het en ek het hom gekry. En nou, daar is die hele storie - en wat het jul miskien daarop te sê?

MEV. VENTER:
Maar jy dink hy sal agter jou aankom - hy sal jou nie wil verloor nie?

MINA:
Nie uit liefde nie, maar uit hoogmoed. Hul is trotse mense, die Joostes van Bovlei: trots op hulle naam en hul familie. Hy sal hier wil wees voordat mense weet dat ek weggeloop het.

NELIE:
Dan regeer jy hom deur sy selfrespek - deurdat hy daar meer van het as jy - en jy hom so tot skande kan maak? Mina, jy behoort jou te skaam.

MINA:
Watter selfrespek is dit om dronk te word? Om so te boer dat jy die mooi plaas kwytraak, net wanneer jou seun 'n kans staan om 'n huwelik te maak wat...?

NELIE

[merk dat FANIE aankom]:

Sjt!

[FANIE kom by die kombuisdeur

in. Hy gaan aan tafel sit en begin te eet].

MINA:
Kom, my groot seun - moeder se steun en beskermer, nè!

[Sy trek hom met die verbygaan nader en soen hom. Hy woel skamerig los.]

FANIE:
Ag, Ma!

MINA:
Dis ek wat die familienaam wil hooghou - ter wille van my seun -

[sy streel sy hare]

en hy sal my daarin bystaan, en nie toelaat dat sy pa vir ons...

NELIE:
Mina, dit vind ek nou baie onverstandig.

MINA:
A, die verstandige Ousus - weet altyd beste. Maar as die onderwerp jou hinder, kan ons dit verander. Jou eiers is lekker, en jou koffie ook.

[NELIE kyk vir MINA vlammend aan. Sy moet egter haar ergerlikheid opkrop, en wend haar dus maar weer na haar naaigoed.]

MEV. VENTER:
En wat hoor ek van jou, Fanie? Krummeltjie wil ook brood word?

MINA:
A, maar sulke bruin oë, Ma - jy hoef nie skaam te wees dat dit jou hart gesteel het nie, nè Fanie.

FANIE:
Ag, wat, Ma!

MINA:
Hulle was juis vir die laaste naweek by ons - Celia en haar pa en ma. Dis maar 'n werklikheid om vir hulle te onthaal, want hul is sulke deftige mense, maar terwyl Fanie dit nou goedgevind het om juis dáár sy hart te gaan verloor...

FANIE:
Ekke, Ma?

MINA:
Luister nou! As jy hom so hoor praat, en dan die tweetjies bymekaar sien - ek sê vir jou...

[Onder die praat van die laaste woorde toet 'n motor buite - 'n windtoeter, want die elektriese was destyds nog nie bekend nie.]

FANIE

[spring op]:

Daar, luister! Ja, dis 'n motor -

[nog 'n getoet]

dis mos mnr. Naudé.

[Hy gooi die deur oop].

So waar, dis Pa.

[Almal sit verbluf. Dan verskyn HENDRIK in die deur - nou 'n man van vyftig, met 'n houding wat onder normale omstandighede stil en waardig kan wees, maar op die oomblik is hy 'gedrink', hoewel nie dronk nie, d.w.s. hy slinger nie en sy tong is nie baie swaar nie, maar hy het die manhaftigheid, die selfversekerdheid, die onbesonnenheid en onverskillige praterigheid wat 'n paar sopies aan 'n anderins bedeesde en versigtige man kan gee. Hy staan die geselskap te bekyk. FANIE breek eerste die spanning.]

FANIE:

Ek gaan na die motor toe.

[Hy spring by die voordeur uit en druk die deur toe.]

NELIE:

Naand, Hendrik. Kom sit.

[Sy bied hom 'n stoel aan. Hy gaan egter nie sit nie maar bly staan met sy hand op die rug van die stoel.]

HENDRIK:
Naand, Nelie. Naand, Ma.

[MEV. VENTER sit maar stil, en kyk hom aan asof hy 'n wildeman is.]

HENDRIK

[aan MINA]:

En toe?

MINA:
En toe?

HENDRIK:
Weggedros, nè? Stook my seun teen my op. Probeer om my met 'n prokureursbrief bang te maak.

[Hy haal die brief uit sy sak uit, en hou dit op.]

Dis wat ek daarvan dink - sien!

[Hy skeur die brief aan stukkies, wat hy op die vloer strooi.]

MINA:
Jy het weer by die hotel aangery. Dit kan jy tog nie van my wegsteek nie. Ek het dit somaar aan jou oë gesien toe jy by die deur inkom - aan jou hele houding. En nou ruik ek dit ook. Gá!

MEV. VENTER:
Og, og, hoe vreeslik!

HENDRIK:
Dis my saak. Ek is my eie baas - en joue ook. En nou, as jou wettige man sê ek vir jou: ‘Mina, kom huis toe.’

MINA:
Loop slaap nou, Hendrik, tot jy regkom. Jou brein swem nog. Jy weet nie wat jy praat nie.

HENDRIK:
Ek weet wat ek *wil* sê en wat ek *moet* sê. Ek was ook by 'n prokureur. Jy het van my af weggeloop - my verlaat. Ek het jou kom haal, jou gevra om terug te kom; jy het geweier. Nou kan ek 'n egskeiding kry - ja, 'n egskeiding, dan is ek klaar met jou - klaar - los!

[Hy stoot die stoel om.]

MEV. VENTER:
Ag tog, my arme kind!

MINA:
Gee hom 'n koppie sterk swart koffie, Nelie. Dit help om hom by te bring.

[NELIE, gespanne, kyk 'n paar maal van die een na die ander, en gaan dan af in die kombuis.]

MINA:
Dan sal jy my die helfte van die boedel moet uitbetaal, Hendrik.

HENDRIK:
Die helfte van niks! Ek gee boedel oor, en dan kan jy sien hoe jy klaarkom. Toe, nog 'n maal; dis jou laaste kans. Kom jy? Of kan ek hier uitstap as 'n vrye man!

[Hy beweeg voordeur toe.]

MINA:
Wag darem eers vir die koppie koffie. Nelie bring dit vir jou.

[Hy stop en draai om.]

En tel nou mooi die stoel op, wat jy so onmanierlik omgegooi het.

HENDRIK:
Dit doen ek nie - so waarlik nie - al soebat jy ook...

MINA:
Hendrik! Jy is in 'n vreemde huis, hoor. Gedra jou.

[Hy kyk rond, nes hy nou eers ten volle besef dat hy nie in sy eie huis is nie. Hy skrik effens as hy in MEV. VENTER se gesig kyk, en laat sy oë sak. Dan stap hy skaam-skaam na die stoel toe, en stel dit regop.]

MINA:
Gaan sit nou.

[Hy gehoorsaam. NELIE kom met 'n koppie in van die kombuis af, en gee dit vir hom.]

NELIE:
'n Lekker koppie koffie vir jou, Hendrik.

HENDRIK

[kyk haar stip in die oë en praat tederlik]:

Nelie! Jy!

[Neem die koffie aan.]

Dankie, Nelie. Uit jou hand sal ek dit drink.

[Hy drink daaraan; NELIE stap terug na haar stoel.]

MINA

[deur jaloesie gepla]:

En uit myne? Ons sal sien.

[Sy stap na HENDRIK toe, en neem die koppie uit sy hand.]

MEV. VENTER:
Oppas, Mina! Is jy nie bang nie?

MINA:
Nee, Ma, hy is 'n baie onskadelike diertjie.

[Sy hou die koppie by sy mond.]

Toe, Hendrik, drink. Dit sal jou nugter maak.

HENDRIK:
Nugter?

MINA:
Ja. Jy weet goed dat jy dit op die oomblik nie is nie.

HENDRIK

[kyk haar woes aan]:

En wie is daar die oorsaak van? Wie ja my na die drank toe - om maar weg te kom, om te vergeet? Dis jy, en jy weet dit! Maar nou is ek van jou los. Ek kan skei - ek kan weer trou - ek gaan weer trou - met die een wat ek liefhet.

MINA

[druk die koppie aan sy mond, en hy sluk]:

So! Elke slukkie help. Ek ken hom mos al.

HENDRIK

['n bietjie kalmer]:

Ons het mekaar nooit liefgehad nie, Mina. Ek weet vir wie ek kon liefgehad het - jy weet dit self - en Nelie -

[hy kyk vir NELIE aan, en praat met sterk aandoening]

- weet jy dit ook, Nelie? Vir jou. Dit was jy. Dit sal altyd jy wees.

[NELIE naai maar asof sy niks hoor nie.]

MINA:

Moet nou nie verspot wees nie. Drink jou koffie klaar, en moenie weer praat voordat jy weet om jou woorde te weë nie.

HENDRIK:

Nelie sou my verstaan het. Ek sou vir haar gewerk het - nooit aan die drank geraak het nie - 'n sukses van my lewe gemaak het. Nelie

[sy stem word swakker, asof hy meer met homself as met die ander praat],

hoekom het jy nie seminarie toe gekom nie? Hoekom het jy nooit met ons kom saamspeel nie? Hoekom was jy so volmaak, hoekom nie so 'n bietjie verspot dat 'n mens kon vatplek kry nie? Hoekom...?

[Hy laat sy kop sak, en swyg.]

MINA

[aan die ander]:

Nou 'n kort slapie - by 'n oop venster, dat hy die lug kry. Dan is hy in 'n paar minute reg.

[Sy trek hom op.]

Kom, Hendrik.

[Hy volg haar gedwee, en sy stap met hom by die gangdeur uit.]

MEV. VENTER:

Ai, Nelie, wat dink jy daarvan?

[NELIE werk maar aan die naaigoed en sê niks.]

MEV. VENTER:

Dat ek my dogter in 'n goeie familie laat trou, met 'n kêrel wat op die oog so ordentlik is, en dat ek op my oudag sulke tonele moet belewe! Asof my beker nie al vol was nie!

[Sy sug.]

En ek met my swak hart - is dit nie om van te beswyk nie?

[NELIE bly

nog stil.]

Maar praat dan, Nelie - of

[sakdoek uit]

het jy ook geen gevoel vir my nie?

NELIE:
Ja, ja, Ma; dit is treurig.

MEV. VENTER:
En wat moet ons nou doen?

NELIE:
Ons?

MEV. VENTER:
Wel, Mina dan.

[Stilte.]

Toe, Nelie, het jy nie raad nie?

NELIE:
Sy moet maar sorg dat sy hom nie weer rede...ag, ek weet ook nie. Dis mos nie my saak nie.

MEV. VENTER:
Ons kan haar tog nie na daardie lewe laat teruggaan nie.

NELIE:
Dan moet hul glo maar skei - dit lyk dis wat hul altwee op mik.

MEV. VENTER:
En dan die skande op my - op ons familie? Nelie,

[snik weer]

jy weet hoe ek op ons eer en op ons godsdiens gesteld is - het jy geen respek vir my gevoelens nie? Het jy...?

[MINA kom by die gangdeur in. Sy gaan sit. Stilte. MEV. VENTER sug maar.]

MINA:
Wel? Het ek 'n gesprek gesteur? Dan was dit natuurlik oor my.

MEV. VENTER:
Wat kan jy anders verwag as jy met sulke gedoentes in die huis kom inval?

MINA:

Dan gee jul vir my die skuld?

MEV. VENTER:
O, nee, my kind - ten minste, nie *ek* nie.

MINA

[met 'n bittere trek op haar gesig]:

O, maar Nelie dan. Sy sou hom natuurlik in orde gehou het. - Nie waar nie, Nelie?

[NELIE werk maar in stilte voort.]

Jy sou natuurlik van hom 'n ander man gemaak het. Dis wat jy wil sê, nè? Toe, ontken dit nou, as jy kan.

NELIE:
Jy vra daarom, hoor Mina. Nou sal jy dit kry ook. Ja, hy sou 'n ander man gewees het, as hy 'n vrou gehad het wat net 'n bietjie... Nee, wag, laat ek my mond hou. Dis julle sake, en ek moet my daaruit hou. Ek sal tog geen goed kan doen deur in te meng nie.

MINA:
Ag tog, die wonderbare Ousus, wat so vir die goeie is! Dié modelmens! Dié kan haarself altyd so presies op die regte spoor hou - en ander mense ook as hul dit wil toelaat. Wel, Ousus, is dit 'n salige gevoelte om so volmaak te wees - soveel beter as ander mense?

NELIE:
Mina, gee dit jou plesier om my te tempteer? Waarom laat jy my nie met rus nie - soos ek vir jou?

MINA:
O, jy laat my met rus, nè? Met jou woorde miskien - maar met jou gedagtes ook? Dink jy dat ek te blind en te onnosel is om dit te lees? Hoe jy op my neergesien het - van kleins af, toe Ma maar aaneen vir jou opgehemel en vir my afgehaal het - omdat jy kamta so goed en deugsaam was en ek so wild en onnutsig! Hoe die afguns in jou binneste opgekom het as ek keer op keer die moed het om my geluk te gryp, en jy joue laat verbygaan solank as jy sit en prakseer hoe om goed te wees!

NELIE:
Dis omdat *jy* daardie afguns gehad het, nou verbeel jy jou dat ek ook...

MINA:
En as ek soms daardie gevoel het, wie wek dit by my op? As ek sien hoe jy jou wil beter hou as ek, dan moet ek mos innerlik lag wanneer ek jou die loef afsteek! Wanneer jy moet betaal vir die goedigheid waarop jy so roem! Wanneer ek selfs, as ek wil, jou kêrel voor jou neus kan wegvat en...

MEV. VENTER:
Maar Mina! Skaam jou!

MINA:
Toe maar, Ma, ek weet wat ek sê klink aaklig en wat Nelie sê klink lieflik. Maar op die bodem waar ons eerste ingewings vandaan kom is ons baie eners - is alle mense wonderlik eners - net die een kan smoor wat die ander laat losbreek. Ek het mos vir Nelie fyn opgelet toe Hendrik netnou met sy ontydige liefdesverklaring voor die dag kom. Sy het niks gepraat nie, maar ek het gesien hoe vinnig haar asem gaan - wat 'n saligheid oor haar gesig...

NELIE

[opgewonde]:

Mina! Dis genoeg!

MINA:
O, dit was vir jou heerlik. Stry nou! Stry nou!

NELIE

[met sterk gevoel]:

Dis nie dat ek jou man uit afguns voor jou neus wil wegvat nie, dit weet jy goed. Maar jy het self van hom weggeloop - *jy* wil hom nie meer hê nie. Dis dat...dat jy hom nie liefhet nie, en...

[sy aarsel].

MINA:
En dat jy hom liefhet?

NELIE

[heftiglik]:

Ja - as jy dit dan *wil* weet - ja, ja, ja! En nou het jy dit.

MINA:

A! En nou *het* ons dit ook. Die deugsame Ousus! Die engel van 'n mens, wat nooit 'n bose gedagte...

NELIE

[spring op, byna snikkend]:

Jy is 'n giftige slang, Mina. Jy is 'n duiwel!

[Met die sakdoek voor die gesig gaan sy haastig by die gangdeur uit.]

MINA:

Ek het mos geweet dat daar agter daardie vrome houding ook 'n duiweltjie sit. Sy hou hom net goed toegedek; maar nou het ek hom darem 'n slag die gesplete hoef laat wys.

MEV. VENTER:

Ai tog, my kinders, my kinders! Waar kom jul aan so 'n gees van twis en vyandskap! Nie in my huis nie, waar ek julle net liefde en opoffering leer ken het. Het julle geen jammerte vir my nie?

MINA

[staan op en omhels haar moeder, en bars in trane uit]:

En vir my dan, Ma? Ma sien wat ek deurmaak. Kan ek daarvoor dat my senuwee dit nie meer kan hou nie? Of ek daar self skuld aan het of nie - dit maak dit nie ligter om te dra nie. Ek weet ek doen lelike dinge. Ek sê somaar hardop wat ek nie eens saggies behoort te dink nie. Maar ek kan myself nie meer in toom hou nie.

MEV. VENTER:
Mina, my kind, kyk hoe bewe jy. So kan dit nie voortgaan nie. Ons sal iets moet doen.

MINA:
Maar wat, Ma?

MEV. VENTER:
Dit weet ek nie. Dit weet ek nie. Dit lyk my ek sal maar my trots en my eergevoel in my sak moet steek, en toesien dat - ja - jy sal maar van Hendrik moet skei, Mina. Nelie sê dit ook.

MINA

[verander dadelik haar houding]:

O, Nelie sê ook -? En wat moet dan van my word? Ek moet die helfte van die boedel kry, maar soos dinge vandag is, as hul die plaas aan die een kant gooi en Hendrik se skulde aan die ander, dan weet ek nie of ek nie nog moet inbetaal nie. Dan sal ek hier vir Ma moet kom oppas, en naaiwerk doen vir my kos en klere, en Nelie sal die nooi speel in die mooi groot huis - in my huis! Dink Ma ek kan somaar goedsmoeds so 'n toekoms...?

[FANIE kom by die voordeur in.]

FANIE
Lekker gery! En raai, Ma, wat nog die beste was: die kar het vasgesteek, en ons het moet werk daaraan, onder 'n straatlamp, en ek het dit weer aan die loop gekry, en mnr. Naudé sê dat as ek nie daarby was nie...

MINA:
Waar is mnr. Naudé nou?

FANIE:
Hier naasaan by sy swaer, Ma. Hoekom...?

MINA:
Loop dadelik, Fanie, en vra hom of hy sal omgee om ons almal terug te neem, huis toe.

FANIE:
Somaar nou?

MINA:
Ja, somaar nou.

FANIE:
In die nag - oor die berg - met 'n motor! O, dit sal heerlik wees!

[FANIE by die voordeur uit.]

MEV. VENTER:
Nog 'n pure kind, nè. Al die treurigheid van sy ouers - dié word alles vergeet, as hy net 'n motorrit kan kry.

MINA:
Ja, hy is absoluut 'n kind. Dis dié dat hy nog gelei moet word. Iemand anders moet vir hom besluit. Maar hy sal goed regkom. Ma sal sien, hy sal somaar een van die dae met Celia trou, en dan die plaas oorneem, en dan is hy gered en ons ook. Dis wat Hendrik eenvoudig nie wil insien nie. Maar noudat Hendrik so dom-dom in my hande gespeel het...

[HENDRIK kom by die gangdeur binne.]

A, hier is ons, vars en uitgerus - en klaar om huis toe te ry, hoor!

HENDRIK:
So?

MINA:
Ja. Dis alles gereël. Fanie is nou net weg om vir mnr. Naudé te roep. Ons kan ry sodra hy kom.

HENDRIK:
Wil jy al weer meekom huis toe?

MINA:
Natuurlik. Wie se huis is dit miskien?

HENDRIK:
Jy het darem gou jou plan verander.

MINA:
As jy my nie wil terug hê nie, waarvoor het jy agter my aangekom?

HENDRIK:
Ja, nè, dit wonder ek nou self. Dit was somaar weer my voortvarendheid.

MINA:
En jou lekker druiwesap.

HENDRIK:
Dit hoef jy my nie voor die kop te gooi nie. Ek wil vir Ma verskoning vra dat ek in dié toestand hier aangekom het - ek het daar inniglik spyt oor, Ma - maar jy, Mina, wat my desperaat maak, en dan...

MINA:
Bly nou liewer kalm, Hendrik. Die gespartel sal jou niks help nie. Ek ken mos nou die wet - noudat ek 'n prokureur gekry het om my dit voor te sê. As ek huis toe gaan, kan jy nie 'n egskeiding kry nie - te meer nadat jy openlik 'n bekenning van liefde vir 'n ander vrou...

HENDRIK:
Mina!

MINA:
O, noudat jy weer by jou positiewe is, wil jy daar liewer nie aan herinner...

[FANIE kom by die voordeur in.]

FANIE:
Motor voor die deur. Sal ek maar oppak?

[Hy neem van die bagasie en dra dit uit.]

HENDRIK:
Kyk, Mina, dis tog nou duidelik dat ons twee nooit weer gelukkig sal kan saamlewe nie. Ons was ook nooit gelukkig nie. Ek het op my troudag besef dat dit 'n fout was, en ek reken jy ook. Ons het vyf-en-twintig jaar lank probeer om daar die beste van te maak. Dit was 'n hopelose poging, en die spanning het nou vir ons altwee te veel geword. Laat ons nou die posisie in die gesig...

[FANIE kom weer in, en HENDRIK swyg. FANIE neem die bagasie wat oorbly.]

FANIE:
Dis ál, nè. Dan is ons klaar. Ek sit net die goed op, hoor, Ouma, en dan kom ek dagsê.

[FANIE weer uit.]

HENDRIK:
Laat ons dit in die gesig kyk, soos verstandige mense, en bespreek wat die beste en maklikste en stilste...

MINA:
Daar is niks te bespreek nie. Ons ry huis toe, dis ál.

HENDRIK:
Maar Mina, luister dan net...

MINA:
Ek gaan my hoed opsit. Kom Ma saam?

[Sy help vir MEV. VENTER om op te staan. HENDRIK staan hulpeloos. FANIE kom weer in.]

FANIE:
Alles reg om te trek. Kom maar, mense. Dag, Ouma.

[Hy soen haar.]

MEV. VENTER:
Dag, my kind. Kom kuier maar gou weer, hoor, en bring weer jou mammie mee.

FANIE:
Waar is tant Nelie dan?

[Hy roep in die middeldeur]:

Tant Nelie! Ons wil groet, ons ry.

[Onderwyl MINA met MEV. VENTER oor die kamer sukkel, kom NELIE by die middeldeur in.]

NELIE:
Trek jul dan nou al?

MINA:
Ja.

NELIE:
Somaar in die nag?

FANIE:
Ja - met die motor, tant Nelie, oor die berg. Lekker, nè? Dag, tant Nelie.

[Hy soen haar. MEV. VENTER en MINA stap by die gangdeur uit.]

NELIE:
Dag, Fanie. Jul moet versigtig ry, hoor.

FANIE

[reeds in die deur]:

Toe maar, Tante, ek weet mos hoe daardie ding se ratte inmekaar sit.

[FANIE by die voordeur uit.]

HENDRIK:
Nelie, ek vra om verskoning. Ek weet ek het 'n gek van myself gemaak.

[NELIE gaan swygend by die tafel sit.]

Sal jy my vergewe, Nelie?

NELIE:
Ja, natuurlik - as daar iets te vergewe is.

HENDRIK:
Dat ek myself so vergeet het - dat ek op so 'n manier en op so 'n tyd dinge uitgeblaker het...en tog, Nelie,

[hy buig nader, en praat met gevoel]

die wyn het maar uitgebring wat in my hart was. Miskien is dit maar goed; want as ek nugter was, het ek nie gedurf om dit aan jou te sê nie. Nou weet jy dit. Ek weet nie hoe jy daaroor voel nie - ek mag jou dit nie vra nie, want ek is 'n getroude man - getroud met jou eie suster - en ek weet hoe sterk en hoe streng jou morele en godsdienstige oortuigings is. Maar, Nelie, ons raak altwee aan die ou kant. Ons het die jare van begeerlikheid reeds agter die rug, en wat ons vandag vir mekaar kan voel is net die reinste geestelike verwantskap. Gee dit ons nie die reg om te praat soos ons vroeër miskien nie mag gepraat het nie? 'n Mens het maar een lewetjie op aarde, en ons s'n - joue en myne - is aan 't verbygaan. Is daar geen manier om 'n fout te herstel nie, om 'n geluk agterna te jaag wat jy eenmaal laat glip het? Het jy geen plan nie? Is daar niks wat ons kan doen nie?

[NELIE skud haar kop.]

HENDRIK

[in opgewondenheid]:

Weet jy, Nelie, ek voel partykeer so - ek wil net ruk en breek - die konvensies, die kamtige beskawing, selfs die godsdiens...

NELIE:
Ag, Hendrik, wat baat dit nou? As daar niks te doen is nie, moet ons berus - dis ál.

HENDRIK:
En probeer vergeet - en ongelukkig, as ek wil vergeet - jy weet self...

NELIE:

Nee, Hendrik, ons hoef nie te vergeet nie - solank as ons dit nie lelik maak nie. Ons sal daar nie weer oor praat nie, maar sal dit onthou, elkeen in sy eie hart, as iets moois en edels wat in ons lewe gekom het en wat ons mooi en edel behou het. Daarom *moet* ons vir ons so gedra dat...

[MEV. VENTER en MINA kom by die gangdeur in, laasgenoemde klaar vir die reis.]

MINA:

O! Jammer om te steur! Dag, Nelie.

[Sy soen haar, taamlik kouerig. NELIE duld dit ook maar net.]

Tot siens, Moedertjie.

[Hulle omhels en soen.]

MEV. VENTER:

Tot siens, my kind. Mag die Here jou bewaar!

HENDRIK

[wat intussen die voordeur oopgemaak het]:

Dag, Nelie. Dag, Ma.

[Hy gee vir beide hand.]

MEV. VENTER:

Dag, Hendrik. Jy sorg mooi vir my dogter, hoor.

MINA

[lag]:

Asof ek nie vir myself kan sorg nie.

[In die deur.]

En jy, Nelie, sorg jy maar mooi vir my ou moedertjie.

[MINA en HENDRIK af. MEV. VENTER staan nog 'n rukkie in die voordeur. Die motor toet, en sy waai met die hand. Dan kom sy binne, trek die deur toe, en neem haar ou plek in die leuningstoel in. NELIE het intussen weer by haar werk gaan sit. Sy het somaar voor haar gesit en uitkyk, maar sodra sy merk dat MEV. VENTER ingekom het, sit sy haar bril op en begin sy met die masjien te werk.]

MEV. VENTER:

Ai, dit was 'n dag, nè? Ek is verwonderd dat my hart dit gestaan het. As ek maar kon dink dat ál die moeilikhede nou verby is! Maar ek voel tog so bekommerd oor Mina. Dat sy weer met daardie kêrel moet huis toe gaan! 'n Man wat nie sy maat by die wynfles ken nie, en wat voor sy vrou se oë van liefde gaan babbel met 'n ander! En jy, Nelie - jy kan nie dink hoe jy my geskok het nie. Jy wat as my lieflingskind aan my knie grootgeword het, met die oop Bybel gedurig voor ons - verlief op 'n getroude man, en nie skaam om daar somaar mee uit te kom nie en...

NELIE

[spring op, heftig]:

Nog een woord, Ma, en ek loop hier uit - weg - dat Ma my nooit weer sien nie.

MEV. VENTER:
Maar Nelie! En ek, wat hier hulpeloos sit, met 'n hart wat enige oomblik...

NELIE:
Dis reg. Dink weer net aan Ma se eie kwale en kwellinge, en roem dan op moederliefde! Wat in my omgaan, wat ek dink en voel en begeer en mis, daar het Ma nog nooit 'n gedagte voor oorgehad nie.

MEV. VENTER:
Ai, dat ek sulke ondankbaarheid van 'n kind wat ek...

NELIE

[stap tot voor MEV. VENTER en gryp haar in opgewondenheid aan die skouers]:

Ondankbaarheid? Waarvoor moet ek dankbaar wees? Dat Ma my in 'n wêreld gebring het waar geluk te vinde was, maar

ek mag dit nooit gaan soek het nie, uit vrees dat ek sou wegdwaal van die moederliefde wat my soos 'n voël in 'n kou...

[MEV. VENTER het haar kop in 'n swym vooroor laat val.]

Ma! Ma!! Wat is dit? Wat is dit? Praat dan, Ma!

[Sy help haar ma - stoot die hare van die voorkop weg en vrywe die polse. MEV. VENTER kom weer by.]

MEV. VENTER

[hygend]:

Nelie - Nelie!

NELIE

[soen haar hartstogtelik]:

My moedertjie! Gaat dit beter?

MEV. VENTER:
Ja, Die ou hart. Toe maar. Dit kom nou reg.

NELIE:
A. Dis fluks. Ai, maar Ma het my laat skrik.

['n Kort pouse. NELIE lawe maar nog.]

MEV. VENTER:
Nelie, my kind, was ek 'n baie slegte moeder vir jou?

NELIE

[aangedaan]:

Nee, Ma, nee - Ma was lief en dierbaar.

MEV. VENTER:
Ek was miskien onkundig, Nelie, miskien onverstandig, en onbedagsaam - maar ek *het* jou liefgehad - en jy moet vir my ook liefhê, Nelie - noudat ek dinge nie meer kan verander nie, nou moet jy nie vir my kwaad wees nie.

NELIE

[sak naas MEV. VENTER neer, met die kop in haar skoot]:

Nee, Ma, ek is nie. Dit was net vir 'n oomblik. Ek weet Ma het dit nie so gemeen nie - Ma het dinge nie so gesien nie. Ek weet Ma het my liefgehad.

[Sy soen die hande wat MEV. VENTER op die skoot laat lê.]
[Skerm]

Derde bedryf
1933

Dieselfde kamer, met die veranderings wat nog vyf-en-twintig jaar daaraan gebring het. Dit lyk nou 'n bietjie verwaarloos en onversorg. Die groot tafel is weg, en daar staan 'n kleintjie in sy plek. Op die buffet staan weer 'n blaker met kers en vuurhoutjies, en 'n ongeraamde portret van MEV. VENTER. Die leuningstoel is nog op sy plek, verouderd en verslete, en daar staan nog drie of vier stoele in die kamer rond. Die kamer het elektriese beligting, maar by die opgaan van die gordyn is dit nie aangeslaan nie. In 'n flou skemerlig wat deur die venster val, sit NELIE in die leuningstoel, met die ou voetstofie van haar moeder onder haar voete. Sy is nou sowat drie-en-sewentig. Sy is baie gerimpeld, maar het 'n goedige ou gesig. Sy dra 'n bril met donker glase. Sy het 'n kierie by haar.

NELIE

[roep]:

Klaartjie!

[Geen antwoord. Sy staan op, en stap met behulp van die kierie - soos een wat baie swak oë het - oor die kamer na die middeldeur.]

NELIE

[maak die middeldeur oop en roep weer]:

Klaartjie!

[Nog geen antwoord nie. Sy maak die deur toe, en begin terugstap na die leuningstoel. Sy mompel by haarself: 'So 'n onnutsige kind! Altyd aan 't rondjakker!' Net soos sy gaan sit, word daar aan die voordeur geklop, en die deur word onmiddellik van die buitekant oopgemaak.]

NELIE:

Binne.

[Voordat sy praat, egter, kom MINA ingestap, gevolg deur HENDRIK en FANIE. MINA - iets oor die sewentig - het 'n skerp gesig met 'n trek van bitterheid om die mond. HENDRIK is vyf-en-sewentig, en hy lyk ook heeltemal die oudste. Hy loop krom en rus swaar op sy kierie, en sy gesig is geel en vervalle, met net 'n bietjie veelseggende kleursel op die punt van sy neus. FANIE, omtrent sewe-en-veertig, sien daar net en gesond uit, maar hy het 'n doodgewone gesig wat van geen besondere innerlike krag getuig nie. MINA dra rou.]

MINA:

Dankie, ons het eie reg gebruik; ons is al binne.

NELIE:

O, is dit jy, Mina? En

[haal die bril af]

- ek kan nie mooi sien nie - is dit Hendrik?

FANIE:
Ja, tant Nelie, dis Pa - en hier is ek ook.

NELIE:
En Fanie ook! Welkom, welkom vreemdelinge.

[Hulle groet almal: die dames met soen, die mans met die hand: 'Dag, Nelie' - 'Dag, Mina' - 'Dag, Nelie' - 'Dag, Hendrik' - 'Dag, tant Nelie' - 'Dag, Fanie.']

NELIE:
Daar is stoele genoeg, nè? Gaan sit.

[FANIE gee vir sy vader en moeder stoele aan.]

HENDRIK:
Hoe is jy dan so in die donker?

NELIE:
Ag, vir my oë maak dit so min verskil. Buitendien, ek sit tog maar en dink. Ek kan nie meer werk of lees nie, en hierdie ligte wat op 'n meetmasjientjie werk - dis soos 'n dobbelwiel waar jy altyd by verloor - jy voel so hoe dit jou geld wegmaal. Maar wag, ek moenie so praat nie, dan wil julle ook straks in die donker sit; en dis tog darem nie nodig nie. Slaan maar aan, Fanie.

[Hy doen dit.]

En maak tog die middeldeur oop, en kyk of die bediende daar is.

FANIE

[maak die deur oop]:

Ek sien niemand nie. Wat is haar naam?

NELIE:
Klaartjie.

FANIE

[in die kombuis]:

Klaartjie! - Sy moet uit wees.

NELIE:
Ja, so kry sy my - altyd wanneer ek haar wil hê. Dan moet jy my maar help om tee te maak, Mina.

[Sy begin opstaan; MINA ook.]

FANIE:
Daar staan 'n ketel te kook.

NELIE:
Nou ja, dan het sy dit nogal vergeet - seker wat sy vir die opwas wil hê - en nou moet die stofie so verniet bly brand.

FANIE:
Moenie nou daaroor kla nie, tant Nelie, want dit kom toevallig mooi te pas.

NELIE:
Ja, nè. Geluk by die ongeluk.

[Sy is by dié tyd by die buffet; sy maak dit oop, en haal teegoed uit.]

Hier is die teepot.

[Sy gee dit vir MINA aan.]

Bring maar die water, Fanie - en 'n blikkie tee en 'n beker melk sal jy ook daar sien.

[FANIE bring die goed uit die kombuis op 'n skinkbord in. Gedurende die volgende gesprek maak NELIE en MINA tee op die klein tafeltjie. Vier koppies word ingeskink, en almal drink.]

En wat van iets om te eet? Is julle nie honger nie?

MINA:
Nee, dankie. Ons het nog by die huis geëet.

HENDRIK:
Fanie se motor is ook so vinnig.

FANIE:
Die Bainskloof-pad is nou so mooi reg, Tante. Dis een voordeel van 'n depressie: dan maak hulle paaie vir werkverskaffing. Dit was net mooi 'n uur en tien minute van die plaas af tot hier voor die deur.

NELIE:
Soe, die mense vlieg darem deesdae oor die aarde. En deur die lewe ook.

MINA:
Ja, maar dis somaar van spoggerigheid dat Fanie so hard ry - en omdat hy weet dat ek daar nie van hou nie.

FANIE:
Ag nee a, Ma.

MINA:
O ja - ek sit in angs om ál die draaie, met die kranse aan die

een kant en die afgrond aan die ander, maar my ontsteltenis is juis vir jou 'n pret.

HENDRIK:
Ek het nou weer gemeen, Mina, dat hy baie versigtig...

MINA:
Ja, natuurlik, as ek een ding sê dan moet jy altyd die ander sê - veral as jy dink jy het vir Fanie op jou hand. Daar is ek al so gewoond aan...

HENDRIK

[ontvang sy tee van FANIE]:

Maar Mina...

MINA:
Kyk hoe stort jy al weer! Onhandige entjie mens!

HENDRIK:
Ag, Nelie sal nie omgee nie. Sy weet, as 'n mens oud word is jou hand nie meer so stil...

MINA:
Blameer maar die ouderdom, ja - asof Nelie nie ook beter weet nie. Jou hand bewe al vir die laaste dertig jaar, maar nie van ouderdom nie.

NELIE

[volg die laaste sin gou op, om die onderwerp te verander]:

Dis fluks van jou, Fanie, om jou oumense oor te bring.

FANIE:
Ek moes eintlik iemand op Worcester kom sien - oor besigheid. Dit was 'n mooi kans, en Ma het gemeen...

MINA:
Ek het gereken die familie behoort mekaar op te soek, noudat ons die treurige tyding het.

NELIE:
Jy bedoel van Willie.

MINA:
Ja. Is dit nie verskriklik nie?

[Sy haal 'n sakdoek te voorskyn, in afwagting van die trane wat by die onderwerp hoort.]

NELIE:
My telegram sê net: ‘Rustig ontslape.’

MINA:
Nou ja, is dit dan nie erg genoeg nie?

NELIE:
Ja, ja, dit is. Ek het maar gewonder of julle al briewe het wat meer vertel.

MINA:
Nee, nog nie. Dis die ergste daarvan as die familie so ver uit mekaar is. Jy lyk daar taamlik koel oor, Nelie.

NELIE:
Ag, Mina, wat sal ek nou daarop sê? Willie was vir my 'n baie goeie broer. Ek het voorverlede week nog weer sy tjek gekry. Die toelagie het elke maand gereeld gekom; maar nou sal dit seker ophou, want sy kinders ken amper nie vir my nie. Hy het vir hierdie elektriese beligting betaal - hoewel ek so geheg is aan my outydse kers en vuurhoutjies

[wys na die buffet]

dat ek nog altyd daarmee bed toe gaan. Maar in my ouderdom - en so eensaam soos ek hier lewe - raak 'n mens los van alles, selfs van wat jou die naaste is - los van alles behalwe jou herinnerings. Ek het somaar aangeneem dat ek die eerste sou gaan, omdat ek die oudste is; maar daar begin die dood nou by die jongste.

MINA:
Haai, moenie so praat nie, Nelie. Ek is dan die volgende. Jy maak 'n mens grillerig.

NELIE:
Ag, dit laat my nie meer gril nie. Of het jy soveel meer geluk wat jou nog aan die lewe vasbind?

MINA:
Spot jy nou, Nelie? Dis moeilikhede wat my aan die lewe bind -moeilikhede, moeilikhede. Daar het ek genoeg van. Weet jy waaroor Fanie Worcester toe moes kom?

FANIE:
Toe maar, Ma, ons kwellings sal seker nie vir tant Nelie interesseer nie. Maar dit herinner my daaraan dat ek nou moet loop, anders gaan mnr. Potgieter miskien uit. Tot siens, hoor. Ek is netnou weer hier.

[FANIE by die voordeur uit.]

MINA:
Nelie moet darem weet, Hendrik, want dit mag vir haar ook raak - soos ons reeds gepraat het. Vertel vir haar.

HENDRIK:
Potgieter is die man wat die eerste verband op die plaas het. Dit lyk Fanie sal moet boedel oorgee.

NELIE:
En dan - word die plaas onder julle uit verkoop?

HENDRIK:
Ja, natuurlik.

NELIE:
En julle sal die mooi huis moet verlaat?

MINA:
En dis nie ál nie. Maar ons sal dit verlaat met niks. As Fanie nou val, dan val ons ook; want ál wat Hendrik besit is die tweede verband op die plaas - dit was vir die balans van die koopprys toe Fanie dié tyd alles oorgeneem het - maar in vandag se mark sal 'n gedwonge verkoping seker nie eens die eerste verband dek nie.

NELIE:
Maar in julle distrik - waar die vrugteboerdery so 'n sukses is...

HENDRIK:
Dis juis die fout met ons plaas, Nelie. Ons het gevind dat driekwart daarvan nutteloos is vir vrugte, want daar is 'n potkleibank - op drie voet diepte kom jy daarop af - 'n boom staan net 'n drievier jaar, en dan begin hy kwyn.

MINA:

Ag, julle potkleibank! Dis net 'n ekskuus, omdat jy en Fanie geeneen kan boer nie. Wie sal die plaas koop as daardie storie rondraak?

HENDRIK:

Maar vroutjie, mense is mos nie blind nie. Hulle weet dit almal. Hulle kan mos sien hoe ons bome lyk.

MINA:

Nou ek sê dis julle slegtigheid, en julle sal sien wat Hennie daarvan maak.

NELIE:

Hennie - Fanie se seun?

MINA:

Ja. Sien, ek het 'n plan om die hele posisie te red. Toe Hennie so vroeg sy moedertjie afgegee het...

NELIE:

Ja, dit was tog treurig, nè. Die arme Celia - so jonk, so fraai, met haar lewe nog voor...

[HENDRIK skyn onder hierdie gesprek rusteloos te word. Hy is woelig en senuweeagtig, en staan later op en loop op sy sukkelende manier in die kamer rond, kamta om na die portrette te kyk.]

MINA:
Ag, dit was miskien maar 'n verlossing. Sy en Fanie het tog nie gestryk nie. Sy kon haar by die plaaslewe nie aanpas nie, en Fanie het die stadspoppie van naby minder aanloklik gevind as op 'n afstand. Haar pa was ook nie so danig ryk nie, en hy het so 'n boel kinders gehad; haar erfporsie was maar vyfduisend pond, en dié lê vandag nog by die Weesheer op Hennie se naam. Maar sien, oor drie maande is Hennie mondig, en...Wat is jy al weer so onbestendig, Hendrik? Ek weet wat dit is, en ek wed Nelie het ook al geraai. Jy het seker nie wyn in die huis nie, nè Nelie?

NELIE:
Nee, dié het ek nie.

MINA

[aan HENDRIK]:

Maar die hotel is mos naby. Toe, loop nou. Jy raak op my senuwee as jy so kriewelrig is.

HENDRIK:
Nou ja, as my teenwoordigheid jou hinder - ek kom gou weer, hoor Nelie.

[HENDRIK by die voordeur uit.]

NELIE:
Laat jy hom dan daarin somaar begaan, Mina?

MINA:
Ag, dis die maklikste. En dis maar weinig dat hy hom nou nog so te buite gaan soos vroeër. Dit gee hom net elke dag 'n paar salige minute - en ek kan *dit* sê, Nelie, dis meer as wat ek het.

NELIE:
Maar Mina, hoe kan jy so bitter wees? Hoeveel mense beny jou nie die huis, en die werf, en die plaas wat jy...?

MINA:
Wat voor die oog van die wêreld aan die gang moet gehou word asof alles so maklik en voorspoedig is. As daar mense kom, sit ons hul 'n mooi tafel voor - o ja, maar sodra die deur op hulle toeslaan, sit ons te bereken hoeveel dieper ons al weer in die skuld is. As ons nog ons laste saam kon dra en vir mekaar 'n bietjie troos en liefde gee - maar jy weet hoe dit met my en Hendrik gaan. Ons duld mekaar, omdat dit moet - maar ons kry *dit* nie eens altyd reg nie. En Fanie - wel, wat kan jy verwag van 'n kind wat grootword tussen ouers wat twis? Ons het elkeen lank gesukkel om hom van die ander af te rokkel, totdat geeneen geweet het wat hy aan hom aan of af het nie, en hy ook geen gevoel vir die een of die ander gehad het nie. Ek wonder, Nelie, of jy, wat terugkyk op 'n lewe wat so stil en bestendig was...

NELIE:

En so leeg.

MINA:

Liewer leeg as vol wederwaardighede. Of nee, ek weet ook nie. Dis 'n saak van temperament - nie *wat* ons van die lewe ontvang nie, maar *hoe* ons dit ontvang. Ek sou in jou lot nie kan berus het nie; maar jy het altyd so 'n skiklike natuur gehad.

NELIE

[warm]:

So het Ma altyd gesê, nè, en jy het haar agterna gepraat. Arme Ma het dit darem geglo; maar jy het geweet dat ek 'n mens was soos jy, met ál die drome en ambisies, ál die begeertes en drifte, en ek het gevoel dat jy my spot...

MINA:
O, ek is 'n kat, nè? Ek weet dis wat mense van my dink - en jy ook, Nelie.

NELIE:
Nee, wag nou. Ek het nie gemeen om in bitterheid te praat nie. As ek hier so sit, alleen, vir ure aaneen, met niks om te doen nie as net om te dink aan wat gewees het en wat kon gewees het, dan kan jy verstaan dat my gedagtes dikwels onstuimig word; maar dan kan daar ook agterna tye kom van so 'n kalmte, van so 'n volmaakte sielerus, dat ek geen ander woorde oor my lippe kan kry nie as net 'n stille gebed: ‘Nu laat Gij, Heer, Uw diensmaagd gaan in vrede.’

[Pouse.]

En toe, Mina, jy wou my mos vertel...

MINA:
Ja, maar laat ek eers vra: Hoe gaan jy klaarkom sonder Willie se toelaag?

NELIE:
Ek weet nie. Al wat ek aan kon dink was om die huis te verhuur, en net een kamer uit te hou...

MINA:
Daar kom ook 'n moeilikheid. Die huis behoort aan Ma se boedel. Jy het maar een-derde van die reg daarop; en nou, met Willie se dood - wat sal sy eksekuteurs doen?

NELIE:
Ag, vir die rukkie wat ek dit nog sal kan bewoon, sal sy kinders tog seker...

MINA:
En my een-derde? Daarom het ek jou vertel hoe dit nou met ons gaan.

NELIE:
As ek moet huur betaal - ek het nog 'n bietjie spaargeld...

MINA:
Hoe lank sal dit hou? En as dit ook op is?

NELIE:
Dan moet ek ook maar klaar wees. Ek is in hierdie huis gebore, ek het daarin grootgeword en oud geword. Ek ken geen ander wêreld nie. 'n Ou boom kan jy nie verplant nie, dan treur en sterf hy.

MINA:
Dan kan jy besef hoe ek nou voel.

NELIE:
Ja, Mina, ek het vir julle baie, baie jammer, maar jy wou my vertel hoe daar nog uitkoms...

MINA:
Ja, kyk, Potgieter het al 'n dagvaarding uit, maar as dit vir drie maande kan oorstaan, dan is Hennie mondig, en dan kry hy besit van sy vyfduisend pond. Dis genoeg vir die eerste verband en ál die los skulde. Dan kan Hennie...

NELIE:
Maar Mina, hoe kan jy daaraan droom om die kind se geld...?

[Die voordeur gaan oop, en HENDRIK en FANIE kom binne.]

MINA:
Wel, Fanie, wat sê mnr. Potgieter?

FANIE:
Alles in orde, Ma. Hy is bereid om te wag, as ons belowe...

NELIE

[heftig]:

Om jou kind se geld te vat?

MINA:
Maar Nelie, jy begryp dit nie. Hennie kry dan mos die plaas, met net die tweede verband...

NELIE:
En die potkleibank!

MINA:
Ek sê mos, daar glo ek nie aan nie. As Fanie sy bome wil spuit

in plaas van alewig te sit en sukkel aan een of ander kamtige uitvindsel wat net geld kos en nooit 'n pennie...

FANIE:
Maar daardie een van die pomp, Ma. Hy sal duisende werd wees, en ek het hom darem nou so amper...

MINA:
Ja, amper, amper! Daar was jy al jare gelede, en verder kom dit nooit.

HENDRIK:
As jy 'n opleiding in daardie rigting gehad het, Fanie, dink ek regtig jy sou veel gedoen het; maar ek vrees jy mis nou die wetenskaplike fondament.

FANIE:
Pa sal sien - met 'n bietjie deurdrywendheid...

MINA:
Deurdrywendheid! Bog! Koppigheid, ja.

[Sy staan op.]

Kom, as die besigheid klaar is. Dit word laat, en jy gaan in die donker stadig ry, dit sê ek jou nou, hoor, Fanie.

[Almal maak klaar om te gaan.]

FANIE:
Ek sal die skinkbord wegneem, Tante.

[Hy neem die skinkbord met gebruikte teegoed kombuis toe. By die deur praat hy met iemand in die kombuis.]

O, is jy hier? Neem bietjie aan.

NELIE:
Is Klaartjie nou daar?

FANIE

[kom terug en laat die middeldeur oop]:

Ja, Tante.

NELIE:
O, die niksnuts! Kom gelukkig darem partykeers inloer of ek nog lewe.

MINA

[soen vir NELIE]:

Dag, Ousus.

NELIE

[met vasberadenheid]:

Wag. Nog net een woord - aan julle almal. Daardie plaas het al twee geslagte geruïneer. Gaan julle dit nou op Hennie se rug ook vasbind?

MINA:

Nelie, jy het jou eenmaal tevore in ons huislike sake kom indring. Onthou jy dit? Ek sou gemeen het dat jy toe jou les te goed geleer het om weer...Ag, kom maar, sy verstaan tog nie die posisie nie - dat dit in Hennie se eie belang sal wees om die eer van sy familie en van sy naam te red. Daar het sy geen begrip van nie - sy wat nie self 'n nageslag het om aan te dink nie.

NELIE

[geraak]:

Ek weet dat jy 'n selfsugtige mens is, Mina - dat jy dit altyd gewees het - en dat jy niemand daardeur gelukkig gemaak het nie - ook nie jouself nie.

MINA

[boos]:

Dit sê ek jou, Nelie, as ek uit my huis moet uitstap, jy uit joue ook.

NELIE:

En wat is dit? Ek moet tog een van die dae uitstap - uit die wêreld uit. Maar Hennie stap in. Dis wat ons oumense moet onthou. As my moeder meer daaraan gedink het en minder aan haar eie lot en lewe, dan sou ek...

MINA

[geskok]:

O! Maar dis verskriklik! Skaam jou, Nelie.

[Wys na die portret op die buffet.]

Ek is verwonderd dat jy haar portret in

die oë kan kyk. So 'n toegewyde moeder! Om haar nagedagtenis so te beklad! - Kom, Hendrik. Kom, Fanie. Dag, Nelie.

[Uit by die voordeur. NELIE staan totaal oorbluf. Die twee mans wat maar hangkop gestaan het, groet haar met 'n handdruk - eers FANIE, dan HENDRIK - en sê saggies, terwyl sy ook saggies antwoord: 'Dag, tant Nelie' - 'Dag, Fanie' - 'Dag, Nelie' - 'Dag, Hendrik.' FANIE stap uit sodra hy gegroet het. HENDRIK hou 'n rukkie met bewerige hand NELIE s'n vas, terwyl hul mekaar weemoedig maar berustend in die oë kyk. Hy gaan ook uit, en NELIE bly alleen agter. Sy staan 'n tydjie stil, klaarblyklik in sterk aandoening. Dan stap sy na die buffet, neem die portret in haar hande, en kyk daarna.]

NELIE

[met bitterheid, vat die portret asof sy dit wil deurskeur]:

Toegewyde moeder!

[Sy bedwing haarself; haar uitdrukking verander; dit word teer en liefdevol, en daar kom trane in haar oë.]

NELIE

[soen die portret]:

Moeder! My moeder!

[Sy sit die portret weer op die buffet, en staan dit in kalme liefde aan te kyk. Die slag van 'n horlosie word gehoor. Dit slaan ag. NELIE wag egter nie om te tel nie, maar draai dadelik om by die eerste slag en praat kombuis toe.]

NELIE:

Klaartjie! Agtuur, hoor. Kyk dat die huis toe is.

[Sy steek die kers op, slaan die elektriese lig af, en stap na die gangdeur. Onderwyl sy met die kierie in die een hand en die kers in die ander oor die kamer heenstrompel - net soos OUPA vyf-en-vyftig jaar gelede - sak die skerm.]

Einde